
Beknopte
Afrikaanse Grammatika
EN
Tegniese Terme

D. BRAND, B.A.

A
439.365
BRA

ANDER BOEKE DEUR DIESELFDE SKRYWER
VERKRYGBAAR:

**TAAL- en STYLOEFENINGE vir Middel-
bare Skole.**

Tweede, hersiene uitgawe.

Prys 3/6.

**DRIETALIGE IDIOOMBOEK
(Afrikaans—Engels—Duits).**

Bevat 2,650 Idiome.

Prys 3/6.

Beknopte
Afrikaanse Grammatika
EN
Tegniese Terme

Deur

D. BRAND, B.A.



JUTA & KIE., BEPERK

Uitgewers en Boekhandelaars

KAAPSTAD

-

-

-

JOHANNESBURG

669/2243

DIE
RUSTICA
PERS. BEP.
WYNBERG.



VOORWOORD.

Taalonderwysers sal met my akkoord gaan dat dit uiters lastig en tydrowend is om elke jaar grammatika-aantekeninge vir leerlinge te gee.

Hierdie boekie is dus bedoel om die lastigheid uit die weg te ruim, want hierin word net die kern van die grammatika tot 'n onverminderbare minimum saamgevat.

Dit gee nie voor om alles te bevat wat die leerling behoort te ken nie, maar dit vereis dat hy alles moet ken wat dit bevat.

Dat in so'n skoolboekie nie na volledigheid gestreef word nie, sal iedereen billik. Die dosent moet maar aanvul en toelig.

Daar bestaan geen beswaar om die volgorde van die hoofstukke na willekeur te verander nie.

D. BRAND.

Utrecht,
1936.

INHOUD.


<i>Hoofstuk.</i>		<i>Bladsy.</i>
I.	Afrikaans	7
II.	Die Alfabet	8
III.	Hoofletters	9
IV.	Skryftekens	10
V.	Interpunksie	11
VI.	Die Selfstandige Naamwoord	13
VII.	Die Naamval	14
VIII.	Getal	16
IX.	Verkleinwoorde	20
X.	Geslag	22
XI.	Tabellariëse Oorsig van die Snw.	23
XII.	Die Byvoeglike Naamwoord	24
XIII.	Die e-Verbuiging van die Bnw.	26
XIV.	Trappe van Vergelyking	27
XV.	Tabellariëse oorsig van die Bnw.	29
XVI.	Die Werkwoord	30
XVII.	Tyd	33
XVIII.	Wyse	34
XIX.	Vorm	35
XX.	Tabellariëse oorsig van die Ww.	36
XXI.	Die Voornaamwoord	37
XXII.	Die Telwoord	40
XXIII.	Die Lidwoord	41
XXIV.	Die Voegwoord	42
XXV.	Die Bywoord	43
XXVI.	Die Voorsetsel	45
XXVII.	Die Tussenwerpsel	46
XXVIII.	Deelwoorde	47
XXIX.	Sinsontleding	49
XXX.	Woordvorming	55
XXXI.	Verbuiging en Vervoeging	58
XXXII.	Die Dubbele Ontkenning	60
XXXIII.	Valstrikke	61
XXXIV.	Afkortings	67
XXXV.	Tegniese Terme	73

I.—AFRIKAANS.

Afrikaans is die oudste witmanstaal in Suid-Afrika en die jongste taal in die wêreld. Dit stam af van verskillende Nederlandse dialekte wat deur die Hollandse koloniste in die 17^e eeu in ons land gebring is.

Ongeveer 90 persent. van die Afrikaanse woordeskat is Nederlands.

Afrikaans is 'n lid van die Germaanse taalfamilie, en dit spruit regstreeks uit Indo-Germaans, 'n hipotetiese grondtaal wat 'n oervolk vroeër in Europa gepraat het.



II.—DIE ALFABET.

Die Afrikaanse alfabet (Grieks, — alpha-bêta)¹ bevat 22 letters, t.w., *a, b, d, e, f, g, h, i, j, k, l, m, n, o, p, r, s, t, u, v, w*.

OPMERKING. Die letters *c, q, x*, en *z* word slegs gebruik in eiename en vreemde woorde, b.v.

c.—Christus, Cloete, chemie, chauvinisme.

q.—quidproquo, quaestor, Quirinaal.

x.—Xylofoon, xenografie, Xanthippe.

z.—Zoeloe, zero, Zwinglianisme; Zeppelin;

asook in 'n paar klanknabootsende woorde soos:—
zoem, zits.

In Afrikaanse woorde verander

c in *s* of *k* — b.v. sirkus.

q(u) in *kw* — b.v. kwartaal.

x in *ks* — b.v. ekskuus.

z in *s* — b.v. sebra, sigsag.

Die letters van die alfabet word verdeel in:—

(a) Klinkers — *a, e, i, o, u, ê, ê, ô, û, oe, eu, ie*.

(b) Medeklinkers — *b, d, f, g, h, j, k, l, m, n, p, r, s, t, v, w*.

Die volgende klinkerverbindinge word tweeklanke of diftonge genoem:—

ai, aai, au, oi, ôi, ooi, oei, ou, ei (y), êi, eeu, ui.

Die klinkers *a, e, i*, en *o* maak gebruik van die deelteken (¨), b.v. —

Kanaän, geënt, knieë, seë, geïñ, beïnvloed, soöloë, intuïsie, koöperasie (ko-operasie).

(Vgl. bl. 10 No. 2 en bl. 78.)

In die volgende klinkerverbindinge kom die deelteken nie voor nie — *ae* (dae, laer), *ue* (intellektuele, intellektueel), *ia* (sosiale, sosiaal), *eo* (georganiseer, geolie), *ao* (chaos), *ea* (geag, beantwoord), *ii* (toings, besproeiing), *io* (biografie).

III.—HOOFLETTERS.

Ons skryf met 'n hoofletter:—

(1) Die eerste letter van die woord waarmee 'n sin begin. B.v. *Hy* skryf 'n opstel. Wat maak jy daar?

OPMERKING. As die eerste woord in die sin die lidwoord 'n is, dan kry die eerste letter van die volgende woord die hoofletter. B.v. 'n *Mens* weet nooit wat kan gebeur nie.

(2) Gewoonlik die eerste letter van die eerste woord van 'n versreël. B.v.

Verlede Sondag in die kerk

Merk ek nog weer die wonderwerk,

Die eienaardigste geval:

Sy wou gaan sit, toe sit sy al! (Visser.)

(3) Alle eiename: Natal, Afrikaans, Leipoldt, Suid-Afrika, Afrikaners, Jan, Pretoria.

(4) Byvoeglike naamwoorde wat van eiename afgelei is: Afrikaanse, Europese, Duitse, Zwingliaanse, Napoleontiese, Natalse, Stellenbosse.

(5) Die vernaamste woorde van 'n opskrif of titel: die Weledele Heer, „Land en Volk van die Bybel.”

(6) Die eerste woord van 'n direkte aanhaling:—

Toe Noach strand teen Ararat,

Die Ark begin in puin raak,

Toe sê hy: „Aarde maar dis nat!

Nou kan 'n mens weer tuinmaak.” (Visser.)

(7) Die name van die Godheid: Heiland, Christus, Almagtige; en ook alle bnwe. en pers. vnwe. in betrekking tot die Opperwese: Sy, My, Hy, Ek. (Vgl. Afrikaanse Bybel.)

(8) Die name van die maande, dae, feesdae, ens.:— Mei, Paasweek, Sondag, Uniedag.

(9) Die name van enige belangrike gebeurtenis:— Die Hervorming; Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging; Die Franse Revolusie.

(10) Alle woorde waarop 'n mens spesiale nadruk wil lê:—

„Die Medisyne is my Vrou,

Die Kuns is my Vriendin.”

„O, maagdelike Blom van die pleine!”

Verlos ons van die Bose!

IV.—SKRYFTEKENS.

Die skryftekens is:—

(1) Die **deelteken** (") word op die klinkers *a*, *i*, *o* en *e* gebruik om die een klinker van die voorgaande te skei.

B.v. Seën, leër, beïnvloed, soölogie, Kanaän, hoë.

(2) Die **kappie** of **sirkumfleks** (^) word op die klinkers *e* (ê), *o* (ô), *i* (î), en *u* (û) om die klanke daarvan langer te maak.

B.v. Bêre, blêr, sê, êe, trêe, môre, wêe, brêe.

(3) Die **koppelteken** (-) word aangewend:

(a) by sekere lang samestellinge en woordverbindings—
Voortsettingsertifikaat-eksamen, Unie-Geboue.

(b) by opeenhoping van klinkers in die middel van die woord — eene-oue, mee-eet, see-eend.

(c) by verdubbelinge — kort-kort, gou-gou.

(d) by saamgestelde titels — kommandant-generaal, luitenant-kolonel.

(e) by saamgestelde telwoorde — een-en-twintig, drie-en-vyftig. (Uitsonderinge — vyfhonderd, drieduisend, ens.).

(f) waar woordkoppeling tot 'n eenheid gegroei het —
ouvrou-onder-die-kombers, wag-'n-bietjieboom.

(g) by samestellinge met oud- (gewese), -toe, -hulle —
oud-leerling, ma-hulle, huis-toe.

(4) Die **afkappingsteken** of **weglatingsteken** (') dui aan dat 'n letter of letters van 'n woord weggelaat is, of dit word gebruik voor die *s* van die meervoud van vreemde woorde wat eindig op klinkers, of die meervoud van die letters van die alfabet — 'n, so'n, s'n, g'n, paraplu's, hoera's, d's, p's.

(5) Die **akuut aksent** of **klemtoonteken** (') word op 'n klinker gebruik om aan te toon dat besondere klem daarop gelê moet word — dié man; dáár ver; sô.

Soms word dit ook gebruik om 'n verkeerde uitspraak te vermy — gésels, en géles. (Vgl. gesêls en gelés.)

(6) Die **gravis aksent** word gewoonlik op die klinker *e* (è) gebruik om aan te toon dat die klank daarvan kort is — hè, nè, dè, gesèl.

V.—INTERPUNKSIE.

Die volgende is die vernaamste leestekens:—

(1) Die punt (.), wat gebruik word

(a) Om die end van 'n sin aan te dui, m.a.w., na 'n volsin — Die kat vang die muis.

(b) Na afkortinge — B.A., R.S.V.P., d.w.s.

(2) Die komma (,) word veral gebruik

(a) waar die voegwoord „en” weggelaat word — Ek het gekom, ek het gesien, ek het oorwin.

(b) in gevalle van parentese —

„Wag,” het ek gesê, „dat ek eers sien.”

Trou is, of ons dit wil glo of nie, 'n noodsaaklike euwel.

Piet is, om dit so uit te druk, 'n skurk.

Hitler, die leier van die Duitsers, is 'n intelligente man.

(c) Voor of na 'n vokatief — Jan, kom hier!

Wag, Koos, moenie vir my pla nie.

(3) Die kommapunt (;) word gebruik wanneer 'n langer ruspouse as 'n komma nodig is — Vrede bring voorspoed; oorlog, verwoesting. Eén enkele moord maak 'n misdadiger; duisende moorde één held.

(4) Die dubbelpunt (:) word gebruik

(a) voor aanhalings —

Tante: „Toe ek so oud soos jy was, Frits, het ek nog nooit 'n leuen vertel nie.”

Frits: „En wanneer het Tante dan begin?”

(b) voor opsommings —

Leipoldt se vernaamste werk is:—

„Dingaansdag,” „Uit drie wêrelddele,” ens.

Tel op: 563, 4½, 728.

(5) Die vraagteken (?) staan na direkte vrae — Wat maak jy daar? Wie se boek is dit?

OPMERKING. Na 'n indirekte vraag word die vraagteken nie gebruik nie — Hy het my gevra of ek vroeg gaan slaap het.

(6) Die **uitroepteken** (!) word gebruik na sinne of woorde wat 'n gevoel van verbasing, skrik, vreugde, ens., uitdruk —

Hoera! Ag, hoe naar was dit!

(7) Die **hakies** () word gebruik om aan te toon dat 'n woord, frase of sin tussenin 'n ander volledige sin gevoeg is —

Ons weet nou dat die sogenaamde vaste sterre (sonne) hul ook beweeg.

Jaar na jaar word 'n goue medalje (ter herinnering aan wyle A. G. Visser) uitgelooft, maar geen beoordelaar kan dit nog oor sy hart kry om dit toe te ken vir die tingeltangel-rympies wat ingestuur word nie.

(8) Die **streep** (—) toon 'n skielike onderbreking in 'n sin aan, of word gebruik om die leser se aandag meer te trek —

„'n Mens kan nie elkeen help nie,” sê die selfsugtiges — en hul help niemand nie.

Die hele affêre was mooi agtermekaar, maar — onverwags het daar 'n kink in die kabel gekom.

(9) Die **aanhalingstekens** („”) word gebruik om direkte aanhalings of iemand se eie woorde aan te toon —

Die digter vra vir die redakteur: „Dink u nie daar moet meer vuur in my gedigte steek nie?”

En die redakteur het geantwoord: „Heeltemal die teenoorgestelde — steek die gedigte in die vuur!”

„Alles sal regkom, as jy jou plig doen,” het Jan Brand gesê.

(10) Die **beletselteken** (.) word gebruik om aan te toon dat 'n skrywer skielik as gevolg van 'n oorweldigende gevoel ophou, of dat hy in die rede geval word —

Dink jy ek moet gaan? Of

„'n Ieder nasie het sy taal

Wat gaan die ander tale ons aan?”

VI.—DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

'n **Selfstandige naamwoord** is die naam van 'n mens, dier, plek of begrip. (Vgl. bl. 93.)

Dit word van ander woordsoorte onderskei deurdat dit die onderwerp van 'n sin kan uitmaak of voorafgegaan kan word deur die lidwoorde *'n* en *die*.

Snwe. word in vyf verskillende soorte verdeel:—

(a) **Eiename** is die spesiale name wat net aan een sekere mens, plek, land, dier, ding of begrip behoort.
B.v. Piet, Kaapstad, Asië, Mies, „Die Burger”,
September, Vrydag, Naziïsme, „Die Springbok”
(boek), „Die Huisgenoot”.

(b) **Gemene name of gemeen snwe.** is die algemene name wat aandui tot watter soort 'n mens, plek, dier of ding behoort.
B.v. Seun, dorp, skaap, hoed.

(c) **Versamelname** is name wat gegee word aan 'n groep of versameling van mense, diere of dinge.
B.v. skaar, leër, trop, swerm, vloot.

(d) **Stofname** is die name wat materiale of stowwe aandui.
B.v. sand, hout, goud, yster.

(e) **Afgetrokke of abstrakte snwe.** is die name van 'n hoedanigheid, werking of toestand.
B.v. Jeug, liefde, hoogmoed, rykdom, moeilikheid.

OPMERKING. As 'n ww. soos 'n snw. gebruik word dan is dit 'n abstrakte snw.

B.v. Ek hou van *swem*. *Kritiseer* is maklik.

VII.—DIE NAAMVAL.

Die betrekking of verhouding waarin 'n snw. of vnw. in 'n sin tot ander woorde staan, word **naamval** genoem.

Die naamvalsform van die snw. bly altyd dieselfde en word gekenmerk deur die posisie van die woord in die sin. Die naamvalsform van die vnw. egter ondergaan verandering.

Daar is vier naamvalle:—

(1) Die Nominatief of Eerste Naamval is

- (a) die onderwerp van 'n sin — Die *hond* byt die kat. *Ek* lees 'n boek. *Jan* slaap. *Hy* werk hard.
- (b) die aangesproke persoon of voorwerp — *Koos*, kom hier! *Dood*, waar is jou angel? *Doderyk*, waar is jou oorwinning?
- (c) die snw. in bystelling (apposisie) met die onderwerp — *Hans*, die *leuenaar*, het homself vasgelieg.
- (d) die snw. of vnw. na die koppelwerkwoorde — is, word, lyk, heet, skyn, blyk — *Piet* word *predikant*. Dit is *ek*.

(2) Die Genitief of Tweede Naamval dui 'n besitting aan en word altyd gekenmerk deur die enklitiese *se* of *s'n* — *Jan* se hoed is weg. *Ma* se geld lê op die tafel. Daardie kar is *pa* s'n.

OPMERKING. In die uitdrukkinge — wat wonders, niks nuuts, iets moois, kom die **deelsgenitief** voor.

(3) Die Datief of Derde Naamval is

- (a) die indirekte voorwerp — *Hy* gee *ons* 'n boek. *Ek* het *Koos* 'n storie vertel. *Piet* leen *my* 'n geweer.

- (b) 'n snw. in bystelling met die indirekte voorwerp —
Hy beneem Jan, my *neef*, sy goeie naam.

OPMERKING. As die voorsetsels *aan* of *vir* bygevoeg word dan word die datief in die akkusatief verander. — Piet gee vir die perd voer. Annie skryf vir (aan) haar ma 'n brief.

(4) Die Akkusatief of Vierde Naamval is

- (a) die direkte voorwerp van 'n sin. — Ek sien *hom*.
Klaas skop die *hond*. Ons sing 'n *liedjie*.
- (b) Snwe. en vnwe. na voorsetsels. — Die man sit op die *stoel*. Ek gesels met die *man*. Die kind loop deur die *kamer*.
- (c) die snw. in bystelling met die direkte voorwerp. — Die prinsipaal straf vir Jan, die *stouterd*. Het jy vir Adoons, die *Hotnot*, gesien?
- (d) Woorde wat tyd, maat, gewig of waarde uitdruk. — Ek kom vir jou *Maandag* kuier. Die kind weeg tagtig *pond*. Die kas is *drie voet* breed. Die lekkers kos 'n *trippens*.

OPMERKING 1. Die ww. — beskou, doop, teken, ag, noem en voel neem soms twee akkusatiewe. — Ek noem Jan my *vriend*. Die predikant doop die *kind Johannes*.

OPMERKING 2. Die volgende ou genitiewe en ou datiewe wat aan Nederlands en die Bybel ontleen is, kom nog as taalfossiele in Afrikaans voor —

Ou genitiewe:— kind des doods, brood der smarte, saans, myns insiens, sweet des aanskyns, desgelyks, steen des aanstoots, ens.

Ou datiewe:— in der minne, ter elfder ure, ten spyte van, te lande, ternouernood, ten volle, ten beste, ens.

VIII.—GETAL.

Getal is die vormverandering wat 'n snw. ondergaan om aan te toon of daar sprake is van één of meer as een persoon of saak. Die twee getalvorme is die **enkelvoud**, wat één, en die **meervoud** wat meer as een persoon of saak aandui. Snwe. vorm hul meervoud deur middel van die volgende **agtervoegsels** — *-e, -s, -ere, -ers, -'s, -te, -de*.

(1) *-s*.

(a) As die klemtoon op die *eerste* lettergreep van meerlettergrepige snwe. val —

B.v. wínkels, vóëls, bésems, bédelaars.

Uitsonderings — winkeliers, generaals, basaars, kondukteurs.

(b) Die volgende eenlettergrepige snwe. kry gewoonlik 'n *s*:— ooms, tooms, leeus, seuns, maats, koks, spreesus, roers, tjeks, jaarts, neefs, broers.

(2) *-e*.

(a) As die klemtoon op die *laaste* lettergreep van meerlettergrepige snwe. val.

B.v. manélle, lemoéne, magistráte, orkáne, Arabiere.

(b) Byna al die eenlettergrepige snwe.—

B.v. tale, bome, vlae, diewe, treë, messe, stowwe.

(3) *-ers*. Die volgende snwe. neem *-ers* in die meervoud:— kind — kinders, kalf — kalwers, lam — lamers, goed — goeters (of goedere), maat — maters (of maats), klip — klippers (of klippe).

(4) *-ere*. Die volgende snwe. neem *-ere* in die meervoud:— gemoed — gemoedere, lied — liedere, gelid — geledere, volk — volkere of volke, goed — goedere.

(5) *-ens*. Die volgende snwe. neem *-ens* in die meervoud:— lewe — lewens of lewes, nôi (nool) — nôiens (nooliens), rug — rûens, wa — waens, wese — wesens, bed — beddens of bedde, gevoel — gevoelens, vrou — vrouens of vroue.

(6) *-s*.

- (a) Die meeste vreemde snwe. wat eindig op *u*, *i*, of *o* neem *'s* in die meervoud.

B.v. buro's, paraplu's, alibi's.

OPMERKING. Individu — individue of individu's.

- (b) Snwe. wat eindig op *a* met die klemtoon op die laaste lettergreep. —

B.v. karba's, hoera's, pa's.

- (c) Die letters van die alfabet.

B.v. *m's*, *t's*, *d's*.

Uitsonderings — *s-e* (esse), *x-e* (ekse).

- (7) *-te*. Snwe. wat eindig op *s*, *k*, *p*, *g*, *f* (*skaapgif*) en afkomstig is van Nederlands waarin die enkelvoud op *t* eindig.

B.v. bees — beeste, oes — oeste, distrik — distrikte, amp — ampte, lig — ligte, skrif — skrifte.

- (8) *-de*. Snwe. afkomstig van Nederlands waarin die enkelvoud op *d* eindig.

B.v. hoof — hoofde, hemp (Ndl. hemd) — hemde, deug — deugde, voog — voogde.

- (9) Die volgende snwe. wat op *-man* eindig vorm hulle meervoud as volg:—

B.v. Engelsman — Engelse, seeman — seeliede, voorman — voormanne, Boesman — Boesmans, koopman — koopmans of kooplui, werksman — werksmense, buurman — bure, Fransman — Franse, staatsman — staatsmanne.

- (10) Die volgende snwe. maak gebruik van geleende meervoude:— doel — doeleindes, aanbod — aanbiedinge, bedrog — bedrieërye, raad (advies) — raadgewings, genot — genietinge, seën — seëninge, leer — leerstellinge, eer — eerbewyse, hoop — verwagtinge, beleg — beleëringe.

(11) **Onreëlmattige meervoude:**— dag — dae, gat — gate, bad (warmbad of stortbad) — baaie, pad — paaie, vat — vate, stad — stede, gebod — gebooie, gebed — gebede, gebrek — gebreke, bevel — bevele, skip — skepe, lid — lede, blad — blaaie, dal — dale.

OPMERKING. Snwe. wat eindig op *-us* en van Latyn afkomstig is vorm hulle meervoude as volg:—

kritikus — kritici of kritikusse.

politikus — politici of politikusse.

grammatikus — grammatici of grammatikusse.

musikus — musici of musikusse.

historikus — historici of historikusse.

(12) Sommige snwe. het **meer as een meervoud** met 'n verskil in betekenis:—

{bad — badde of baddens (skottels).

{bad — baaie (geneeskragtige bronne).

{bal — balle (ronde voorwerpe).

{bal — bals (dansparty).

{bas — basse (lae mannestemme).

{bas — baste (van bome).

{blad — blaaie (koerante of dele van boeke of

{blad — blare (boomblare). [tafels, ens.)

{doel — doele (in voetbal).

{doel — doeleindes (oogmerke).

{drif — drifte (hartstogte).

{drif — driwwe (deurgaanplekke).

{gas — gaste (genooide besoekers).

{gas — gasse [(on)welriekende stowwe].

{gif — gifte (geskenke).

{gif — giwwe (vergif).

{goed — goedere (koopware).

{goed — goeters (allerhande voorwerpe).

{hoop — hope (stapels).

{hoop — verwagtinge (vaste vertroue).

{kus — kusse (soene).

{kus — kuste (strande).

{las — lasse (voeë).

{las — laste (vragte, moeilikhede).

- { leer — lere (werktuie om mee te klim).
- { leer — leerstellinge (dogmas).
- { letter — letters (van die alfabet).
- { letter — lettere (letterkunde).
- { man — manne (manlike persone).
- { man — mans (getroude manlike persone).
- { maag — maagde (meisies).
- { maag — mae of mage (verteringsorgane).
- { maat — maats of maters (metgeselle).
- { maat — mate (afmetings).
- { raad — raadgewings (advies).
- { raad — rade (b.v. dorpsrade).
- { rug — rûens (rante).
- { rug — rûe of rugte of rugge (liggaamsdele).
- { saal — sale (groot vertrekke).
- { saal — saals (waarmee 'n mens op diere ry).
- { skof — skowwe (van osse).
- { skof — skofte (afstande; werktje).
- { vorm — vorme (aspekte).
- { vorm — vorms (fatsoene).

(13) Sommige snwe. kom net in die meervoud voor.

B.v. medisyne, sinkings, masels, pokkies, pampoen-tjies, ingewane, reisie, hurke, semels, maanhare, inkomste, harsings, gegewens, flemies, onkoste, koste, die Klassieke, ens.

(14) Snwe. wat eindig op *-heid* neem *-hede* in die meervoud.

B.v. moeilikheid — moeilikhede, hoeveelheid — hoeveelhede.

(15) Die volgende soorte snwe. kom net in die enkel-voud voor:—

- (a) Sekere abstrakte snwe. — liefde, haat, kritiek, hoogmoed.
- (b) Stofname — silwer, goud, meel, koffie.
- (c) Sekere eiename — Suid-Afrika, Christus, Napoleon, Pietermaritzburg, ens.

IX.—VERKLEINWOORDE.

Verkleinwoorde word in Afrikaans veral in die volgende gevalle gebruik:—

(1) Om iets **kleins** (**diminutiefs**), d.w.s. om 'n kleiner vorm of laer graad van 'n voorwerp of hoedanigheid aan te dui.

B.v. Tafel — tafeltjie, swarte — swartetjie, oog — ogie, kar — karretjie, tong — tongetjie.

(2) Om gevoelens soos *minagting*, *liefde*, *veragting*, *gemeensaaamheid*, ens., uit te druk.

B.v. Ja-nee, nefie, dit gaan nou verkeerd met ons volk. Maar kyk so'n ou advokaatjie! Ma se skatjie, hartjie, ens. Hy is sommer 'n ou winkelklerkie.

Verkleinwoorde word gevorm met behulp van die **agtervoegsels**:—

(a) **-ie**. Snwe. wat eindig op *s, k, p, g, f* (*skaapgif*):—
B.v. Huisie, boekie, lippie, liggie, duifie.

(b) **-pie**. Snwe. wat eindig op *m*, voorafgegaan deur 'n lang klinker of die medeklinkers *l* en *r*.

B.v. Naampie, wurmpie, boompie, skelmpie, armpie.

(c) **-kie**. Twee- of veellettergrepige snwe. wat eindig op *-ng*.

B.v. koninkie, bestellinkie, rekeninkie.

OPMERKING. Die eind *-g* val weg en word vervang deur *k*. B.v. Piering — pierinkie.

(d) **-jie**. Snwe. wat eindig op *d* en *t*.

B.v. Hondjie, katjie.

(e) -tjie.

- (1) Snwe. wat eindig op *l, n* of *r* voorafgegaan deur 'n lang klinker. B.v. Paaltjie, tuintjie, broertjie.
- (2) Snwe. wat eindig op 'n klinker. B.v. Laaitjie, leeutjie, paddatjie, treetjie.

(f) -etjie.

- (1) Snwe. wat eindig op *l, m, n, r*, voorafgegaan deur 'n kort klinker. B.v. Tolletjie, rammetjie, kannetjie, karretjie.
- (2) Al die eenlettergrepige en sommige veellettergrepige snwe. wat eindig op *-ng*. B.v. Dingetjie, slangetjie, vreemdelingetjie, wandelingetjie.

OPMERKING. Die algemene neiging is egter om die verkleinwoorde van (veral meerlettergrepige) snwe. met behulp van *-kie* te vorm. B.v. Neersettinkie, opmerkinkie, klonkie, teleurstellinkie, ens.

(g) Onreëlmatige verkleinwoorde. B.v. vat — vaatjie, pad — paadjie, wa — waentjie, gat — gaatjie, nôi — nôiëntjie, blad — blaadjie, rib — ribbetjie.

OPMERKING. Die begrip „klein” word nie by al die verkleinwoorde in Afrikaans gevind nie. 'n Hele aantal woorde is dus diminutief in vorm maar nie in betekenis nie.

B.v. Baadjie, boordjie (wat om die nek gedra word), mandjie, meisie, wyfie, mannetjie, grootjie, wegkruipertjie, ertjie, boontjie, ens.

X.—GESLAG.

Net lewende wesens (persone en diere) het geslag in Afrikaans. Lewenlose dinge is geslagloos of onsydig.

Daar word tussen vier soorte onderskei:—

(1) **Manlik** is 'n mens of dier van die manlike sekse.

B.v. Man, bul, haan.

(2) **Vroulik** is 'n mens of dier van die vroulike sekse.

B.v. Vrou, koei, hen.

(3) **Gemeenslagtig** is name wat of manlik of vroulik is.

B.v. Kind, skaap, hond, ouer, hoender.

(4) **Geslagloos of onsydig** is al die name van lewenlose dinge.

B.v. Tafel, boom, klip, berg, boek.

Die geslag van lewende wesens word aangedui op die volgende drie maniere:—

(1) **Deur 'n aparte woord.**

B.v. Man — vrou, pa — ma, seun — dogter (meisie), oom — tante, broer — suster, monnik — non, neef — niggie, outa — aia, hings — merrie, ram — ooi, haan — hen, bul — koei, reun — teef, mannetjie — wyfie, ens.

(2) **Deur die agtervoegsels:—**

(a) *-es*. B.v. Onderwyser — onderwyseres, prins — prinses, sondaar — sondares, voog — voogdes.

(b) *-in*. B.v. Held — heldin, koning — koningin, Jood — Jodin, heiden — heidin, vriend — vriendin.

(c) *-ster*. B.v. Skrywer — skryfster, voorsitter — voorsitster, werker — werkster, waarsêer — waarsegster.

(d) *-e*. B.v. Eggenoot — eggenote, erfgenaam — erfgename, pianis — pianiste, sekretaris — sekretaresse.


(e) *-ise*. B.v. Lektor — lektrise, inspekteur — inspektrise, akteur — aktrise, eksaminator — eksaminatrise.

(3) **Deur aparte woorde** [soos in (1)] **by gemeenslagtige snwe. te voeg.**

B.v. Bulkalf — verskalf, mansmens — vroumens, mannetjie(s) tier (tiermannetjie) — wyfie-tier (tierwyfie), hoenderhaan — hoenderhen, bokram — bokooi, hingsvul — merrievul.

OPMERKING 1. Geslag word ook aangedui deur vnwe.: Hy — sy, hom — haar, syne — hare, dit.

XI.—TABELLARIESE OORSIG VAN DIE SNW.



OPMERKING 2. In Afrikaans soos in Engels, word alleen gebruik gemaak van natuurlike, en nie van woord- of grammatiese geslag soos in Duits of Latyn nie.

XII.—DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD.

Daar is vier soorte bnwe.:—

- (1) Bnwe. van hoedanigheid wat verdeel word in:—
 - (a) Bnwe. wat die soort, aard of hoedanigheid aandui.
B.v. 'n *Goeie* boek; die *hoogste* klasse; 'n *skerp* mes;
die *swart* kat; hy is *oud*.
 - (b) Bnwe. afgelei van eiename.
B.v. Die *Engelse* Taal; die *Afrikaanse* letterkunde;
die *Turkse* ryk; 'n *Portugese* soldaat.
- (2) Stoflike bnwe. wat aandui van watter stof of materiaal iets gemaak is.
B.v. 'n *Goue* ketting; 'n *hout* katel; 'n *silwer* horlosie.
- (3) Voltooide (verlede) deelwoorde as bnwe. gebruik.
B.v. 'n *Geswore* vriend; 'n *verwyfde* seun; 'n *gebreekte* bord; 'n *gebroke* hart.
- (4) Onvoltooide (teenwoordige) deelwoorde as bnwe. gebruik.
B.v. 'n *Boeiende* verhaal; *uitstekende* resultate; 'n *aanhoudende* geraas; 'n *oorverdowende* lawaai;
'n *sprekende* gelykenis.

Bnwe. word op twee maniere gebruik:—

- (a) Attributief, d.w.s., die bnw. staan voor 'n snw.
B.v. 'n *Hoë* huis; 'n *mooi* storie; 'n *aangename* vakansie; 'n *koue* dag; die *swart* pak.
- (b) Predikatief, d.w.s., die bnw. kom voor 'n naamwoordelike deel van die gesegde waarmee dit verbind word deur die koppelwerkwoorde — is, word, lyk, heet, skyn, blyk.
B.v. Die huis is *hoog*. Die storie word *lank*. Hy lyk *siek*.

OPMERKING 1. Sommige bnwe. word **net attributief** gebruik:—

- (a) Stoflike (stofaanduidende) bnwe.
B.v. 'n *Koper* standbeeld; 'n *lakense* baadjie.
- (b) Bnwe. afgelei van eiename.
B.v. 'n Transvaalse boer; Indiese Oseaan; Engelse boeke; Natalse suiker; Napoleontiese oorloë.
- (c) Bnwe. afgelei van snwe.
B.v. Ouderlike keuse; letterkundige kritiek; plant-aardige voedsel.
- (d) Bnwe. wat plek, tyd of rigting aandui.
B.v. 'n Jaarlikse salaris; daaglikse moeilikhede; boonste verdieping; 'n voorwaartse stap.

OPMERKING 2. Sommige bnwe. word **net predikatief** gebruik:—

- (a) Bnw. wat van ww. afgelei is.
B.v. geneig, bewus, betrokke, ingenome, bestand, gewend, bevrees, ens.

L.W. Sommige van hierdie woorde kan ook attributief gebruik word, dog dan het hulle 'n ander betekenis. B.v. 'n *Ingenome* standpunt; 'n *bewuste* man.
- (b) Sekere bnwe. wat baie nou verbonde is met sekere bepaalde wwe.
B.v. byster (wees), kwalik (neem), kwyd (raak); wys (maak), handgemeen (raak, word).

XIII.—DIE -E-VERBUIGING VAN DIE BNW.

Attributiewe bnwe. word in sekere gevalle verbuig deur 'n -e aan die end te neem.

In die volgende twee gevalle neem attributief-gebruikte bnwe. -e:—

(1) Meerlettergrepige bnwe.

B.v. 'n Aangename reis; 'n ongehoorsame kind; 'n hartroerende toneel; 'n kritiese oorsig; ingelegde vrugte; 'n gewillige leerling; 'n interessante verhaal; voorgeskrewe boeke; gedwonge onderwys; 'n verskriklike storm; vrugbare grond; kinderlose ouers; 'n miserabele vent; intellektuele ontwikkeling; finansiële moeilikhede.

Uitsonderings: Die meeste meerlettergrepige bnwe. wat eindig op -er en -el.

B.v. 'n Donker nag; 'n groter perd; 'n edel inbors.

(2) Eenlettergrepige bnwe. wat eindig op d, f, g en s.

B.v. 'n wrede (wreed) dier; 'n breë (breed) plank; 'n wye (wyd) sloot; 'n harde (hard) klip; 'n goeie (goed) vrou; 'n lawwe (laf) kêrel; 'n onbeskofte (onbeskof) skurk; 'n dowe (doof) grysaard; 'n dowwe (dof) lig; 'n liewe (lief) kind; 'n hoë (hoog) boom; 'n lae (laag) wal; 'n ligte (lig) gewig; 'n sagte (sag) appel; vroeë (vroeg) perskes; 'n slegte (sleg) kêrel; 'n snaakse (snaaks) grap; woeste (woes) streke; 'n vaste (vas) rots; 'n trotse (trots) vader; 'n Skotse (Skots) nôi; aardse (aards) goedere; doodse (doods) stilte.

Uitsonderings. 'n Fluks perd; 'n vos perd; 'n fris seun; 'n los tou; 'n grys lap; 'n vals diamant; vars brood.

OPMERKING. Sommige eenlettergrepige bnwe. word verboë of onverboë gebruik met verskil in betekenis:—

'n suur lemoen — 'n sure ondervinding; 'n duur perd — 'n dure ondervinding (les, plig); 'n naar man — 'n nare man; 'n arm man — 'n arme man; die heel bord — die hele bord; 'n skoon gesig — 'n skone gesig; 'n swart hoed — jou swarte tater; 'n ryp appel — rype ervaring; 'n stout kind — jou stoute kind!; diep water — diepe waters of vernedering; 'n wys vroumens — 'n wyse stap; 'n seker middel — 'n sekere middel.

XIV.—TRAPPE VAN VERGELYKING.

Vergelyking (komparasie) is die vormverandering wat 'n bnw. (of bw.) ondergaan om verskillende grade van hoedanigheid of hoeveelheid aan te toon.

Daar is drie trappe van vergelyking, t.w., die **stellende trap** (positief), die **vergrotenende trap** (komparatief), en die **oortreffende trap** (superlatief).

Die vergrotenende trap word gevorm deur *-er* agter aan die grondwoord (stellende trap) te plaas: mooi — mooier; en die oortreffende trap word gevorm deur *-ste* agter aan die grondwoord te las: mooi — mooiste.

OPMERKING. As die stellende trap op *r* eindig dan neem die vergrotenende trap *-der*. B.v. Suur — suurder.

VOORBEELDE.

<i>Stellende trap.</i>	<i>Vergrotenende trap.</i>	<i>Oortreffende trap.</i>
groot	groter	grootste.
wreed	wreder	wreedste.
breed	breër	breedste.
hoog	hoër	hoogste.
oud	ouer	oudste.
laag	laer	laagste.
dof	dowwer	dofste.
doof	dower	doofste.
swaar	swaarder	swaarste.
beroemd	beroemder	beroemste.
dik	dikker	dikste.
lelik	leliker	lelikste.
voos	voser	voosste.
vinnig	vinniger	vinnigste.
vas	vaster	vasste.
los	losser	losste.
onbeskof	onbeskofter	onbeskofste.
onbeskaaf	onbeskaafder	onbeskaafste.
dig	digter	digste.
grys	gryser	grysste.
vaal	valer	vaalste.

<i>Stellende trap.</i>	<i>Vergrotende trap.</i>	<i>Oortreffende trap.</i>
vlug	vlugger	vlugste.
moeg	moeër	moegste.
suf	suffer	sufste.
muf	muwwer	mufste.
arm	armer	armste.
gou	gouer	gouste.

Die voltooide deelwoorde wat gebruik word as bnwe. (hul eindig gewoonlik op *e*) vorm hul trappe van vergelyking met behulp van die bywoorde *meer* en *mees*.

B.v.

<i>Stellende trap.</i>	<i>Vergrotende trap.</i>	<i>Oortreffende trap.</i>
ontevrede	meer ontevrede	mees ontevrede.
onverskrokke	meer onverskrokke	mees onverskrokke.
bekrompe	meer bekrompe	mees bekrompe.
vergeleë	meer vergeleë	mees vergeleë.
beskonke	meer beskonke	mees beskonke.
verdeeld	meer verdeeld	mees verdeeld.

Die volgende bnwe. het onreëlmatige trappe van vergelyking:—


<i>Stellende trap.</i>	<i>Vergrotende trap.</i>	<i>Oortreffende trap.</i>
baie (veel)	meer	meeste.
bietjie (weinig, min)	minder	minste.
sku	skuer (skuwer)	skuuste.
nuut	nuwer (nuter)	nuutsté.
na	nader	naaste.
kwaad	kwater	kwaadste.
goed (wel)	beter	beste.

OPMERKING. Party bnwe. met 'n **absolute sin** het geen trappe van vergelyking nie:—

- (a) Bnwe. wat die hoogste graad van hoedanigheid uitdruk. B.v. Volmaak, dood, almagtig.
- (b) Stofaanduidende bnwe. B.v. Silwer, goue, koper.
- (c) Bnwe. wat van ander woordsoorte afgelei is. B.v. jaarlikse, Engelse, Natalse, outydse, heden-daagse.
- (d) Intensiewe bnwe. B.v. Brandarm, brandmaer, stokoud, grasgroen, splinternuut, kliphard, ens.
- (e) Bnwe. wat wiskundige eienskappe uitdruk. B.v. Vierkantig, reghoekig, parallel.

OPMERKING. Die oortreffende trap word dikwels in 'n absolute sin gebruik. B.v. Beste vriend, allerbelangrikste reël, allerpragtigste toneel.

XV.—TABELLARIESE OORSIG VAN DIE BNW.



XVI.—DIE WERKWOORD.

Daar is die volgende soorte wwe.:—

(1) Oorganklike (transitiewe) wwe. wat 'n direkte voorwerp kan hê.

B.v. Ek *doen* my werk. Piet *skop* die bal. Hy *eet* 'n appel. Sannie *lees* 'n boek.

(2) Onoorganklike (intransitiewe) wwe. wat nie 'n voorwerp kan hê nie.

B.v. Die kind *slaap* vas. Die vrou *huil* bitterlik. Die voël *vlieg*. Die hond *blaf*.

(3) Koppelwerkwoorde wat nie alleen die gesegde van 'n sin kan vorm nie, maar dit slegs kan doen met die hulp van 'n snw. of 'n bnw. Hulle is — *is, word, lyk, heet, skyn, blyk*.

B.v. Die arme man *lyk* siek. Hy is ongelukkig. Jan word onderwyser. Die kind *heet* Klaas. Dit *blyk* heeltemal duidelik. Die skottel *skyn* vuil (te wees).

(4) Hulpwerkwoorde kan ook nie alleen die gesegde van 'n sin vorm nie, maar help ander wwe. om tyd, vorm en wyse uit te druk.

B.v. (a) Hulpwwe. van tyd — Ek *sal* môre werk. Ek het geslaan. Ek *is* geslaan.

(b) Hulpww. van vorm — Die brief *is* geskryf. Die brief *word* geskryf.

(c) Hulpww. van wyse — *Mag* ek tog maar slaag! Hy *kan* nou elke oomblik aankom. Dit *wil* nie vlot nie. Ek *sal* seker gekom het. Hy *moet* mos hard gewerk het. *Laat* hom tog met rus!

(5) Wederkerende (refleksiewe) werkwoorde is wwe. waarvan die onderwerp en die voorwerp een en dieselfde persoon of saak is. Daar is twee soorte:—

- (a) Noodsaaklik-wederkerende wwe. is sekere onoor-ganklike wwe. waar die werking alleen tot die onder-werp kan terugkeer en nooit kan oorgaan op 'n voorwerp nie.

B.v. Ek *skaam*, *bekommer*, *haas*, *beroep*, *ontferm*, *verbeel*, *vergis*, *verspreek*, *herinner*, *verstout*, *verwonder*, my.

- (b) Toevallig-wederkerende wwe. waar die werking ook op 'n direkte voorwerp kan oorgaan.

B.v. Hulle *was* of *skeer* hul (self), of hulle *was* of *skeer* hul broers.

(6) Onpersoonlike wwe. beskrywe gewoonlik die werkinge van die natuur of kom voor in onpersoonlike uitdrukkings. Die onderwerp is altyd *dit* en kan alleen in die 3e persoon enkelvoud gebruik word. (Vgl. bl. 89).

B.v. Dit hael, kapok, reent, ryp, ens. Dit is koud, warm, donker, koel, lig, ens. Dit gaan (lyk) sleg.

(7) Saamgestelde wwe. is saamgestel uit twee woorde waarvan die tweede altyd 'n ww. is. Daar is twee soorte saamgestelde wwe:—

- (a) Skeibaar saamgestelde wwe. wat altyd die klemtoon op die eerste lettergreep het en geskei word deur *ge-* in die verlede tyd (deelwoord).

B.v. Hy het my gelukgewens. Ek *haal* deur my neus *asem*. Jy moet *oppas*. Hy het die skape opgepas.

- (b) Onskeibaar saamgestelde wwe. het altyd die klemtoon op die laaste lettergreep en neem nooit *ge-* in die verlede tyd (deelwoord) nie.

B.v. Hy het die dier *mishandel*. Ek sal die werk *voltooi*. Jy moet die woorde *onderstreep*.

OPMERKING 1. Skynbaar saamgestelde wwe. het ook die aksent op die eerste lettergreep, maar neem altyd *ge-* in die verlede tyd.

B.v. Sy het *geglimlag*, *gehardloop*, *gedagvaar*, *gewaar-sku*, ens.

OPMERKING 2. Sommige saamgestelde wwe. kan òf skeibaar òf onskeibaar wees, al na gelang die klemtoon val, met verskillende betekenisse.

B.v. Oordryf, oórdryf; voorspél, voórspel; ondergaan, óndergaan; deurtrék, deúrtrek; ens.

(8) **Afgeleide wwe.**, wat bestaan uit die volgende soorte:—

(a) Die **voorvoegsels** — *be-*, *er-*, *ge-*, *her-*, *ont-*, *ver-*,
+ *ww.*

B.v. Geniet, beken, erken, herken, ontken, verken.

(b) **Denominatiewe**, wat van **naamwoorde** afgelei is.

B.v. Vervel, bewapen, onthoof, pynig, balanseer,
antwoord, wanhoop, uiter, opper.

(c) **Deverbatiewe** wat van ander wwe. afgelei is. Hul word verdeel in:—

(1) **Frekwentatiewe** wat 'n **herhaling** van handeling uitdruk.

B.v. Bedel (bid), trappel (trap), hakkel (haak), brokkel (breek)¹, dribbel (dryf).

(2) **Kausatiewe** wat die **oorsaak** van 'n handeling aandui.

B.v. Vel (val), soog (suig), wek (waak).

(3) **Intensiewe** wat 'n **hoër graad** van die handeling uitdruk.

B.v. Buk (buig), hik (hyg), stik (steek).

XVII.—TYD.

Die **tyd** van 'n ww. dui aan wanneer 'n handeling plaasvind, t.w., iets kan **nou** (hede) gebeur (**teenwoordige tyd**), of iets **het al** gebeur (**verlede tyd**), of iets **sal** nog gebeur (**toekomende tyd**).

Daar is ag verskillende tye:—

- (1) **Onvoltooide teenwoordige tyd.**
B.v. Ek skryf 'n brief. (Ek is besig.)
- (2) **Voltooide teenwoordige tyd.**
B.v. Ek het 'n brief geskryf. (Ek is net klaar.)
- (3) **Onvoltooide verlede tyd.**
B.v. Ek het 'n brief geskryf. (Ek was besig.)
- (4) **Voltooide verlede tyd.**
B.v. Ek het (al) 'n brief geskryf. (Ek was al klaar.)
- (5) **Onvoltooide toekomende tyd.**
B.v. Ek sal 'n brief skryf.
- (6) **Voltooide toekomende tyd.**
B.v. Ek sal 'n brief geskryf het.
- (7) **Onvoltooide verlede toekomende tyd.**
B.v. Ek sou 'n brief skryf.
- (8) **Voltooide verlede toekomende tyd.**
B.v. Ek sou 'n brief geskryf het.

OPMERKING 1. 'n Klompie wwe. het die ou Nederlandse **sterk** verlede tyd behou.

B.v. is — was; wil — wou; sal — sou; kan — kon; moet — moes; het — had (of het gehad); weet — wis (of het geweet); dink — dag, dog (of het gedink, gedag, gedog).

OPMERKING 2. Die **historiese teenwoordige tyd** (historiese praesens) word in Afrikaans gebruik in verhaaltrant. B.v.

Toe hy my *sien*, *gryp* hy sy geweer en *hardloop* die huis in. Hy *kom* toe uit en wou weet wat ek daar *maak*.

XVIII.—WYSE.

Wyse beteken manier, en is die verandering wat 'n ww. ondergaan om die manier waarop 'n handeling plaasvind aan te dui.

Daar is vier soorte:—

(1) Die Aantonende Wys (Indikatief) dui 'n feit of werklikheid aan.

B.v. Ek sien 'n man. Het jy geslaap?

(2) Die Gebiedende Wys (Imperatief) druk 'n bevel, gebod, verlange of versoek uit.

B.v. Kom gou! Gee my die boek! Jy mag (moet) nie steel nie! Vergewe my sonde!

(3) Die Aanvoegende Wys (Konjunktief) druk 'n wens, waarskynlikheid, moontlikheid of voorwaarde uit.

B.v. Mag hy tog slaag. Hy sal seker nog kom. Dalk sal hy nog kom. As jy geleer het, sou jy geslaag het.

(4) Die Onbepaalde Wys (Infinitief) druk geen bepaalde (besliste) handeling uit nie, maar noem dit slegs.

B.v. Ons eet om te lewe. Om te eet is aangenaam. Ons kan eet. Jy behoort dit te doen.

OPMERKING 1. Die verlede infinitief kom voor na die wwe. **hoef en behoort.**

B.v. Jy **hoef** dit nie te **gesê** het nie. Jy **behoort** dit te **gedoen** het.

OPMERKING 2. Sulke vorme van die infinitief soos — te danke, te wagte, te hope, te wyte, te wense, ens., is **ou infinitiewe** (geykte terme) wat van Nederlands afkomstig is.

OPMERKING 3. Sulke uitdrukkinge soos — ek het hom *sien kom*; hy het jou *gaan help*; ek het hom *leer lees*; het jy my *hoor lag*? — word **dubbele infinitiewe** genoem.

XIX. VORM.

Vorm is die verandering in die gebruik van 'n oor-ganklike ww. wat te kenne gee dat die onderwerp van 'n sin die handeling verrig of ondergaan.

Daar is twee vorme:—

- (1) Bedrywende vorm (aktief).
- (2) Lydende vorm (passief).

Voeging van 'n ww. in die twee vorme, aantoonende wys.

TYD.	BEDRYWENDE VORM.	LYDENDE VORM.
Onvolt. Teen. Tyd.	Jan skryf 'n brief.	'n Brief word deur Jan geskryf.
Volt. Teen. Tyd.	Jan het 'n brief geskryf.	'n Brief is deur Jan geskryf.
Onvolt. Verlede Tyd.	Jan het 'n brief geskryf.	'n Brief is deur Jan geskryf.
Volt. Verlede Tyd.	Jan het (al) 'n brief geskryf.	'n Brief was deur Jan geskryf.
Onvolt. Toek. Tyd.	Jan sal 'n brief skryf.	'n Brief sal deur Jan geskryf word.
Volt. Toek. Tyd.	Jan sal 'n brief geskryf het.	'n Brief sal deur Jan geskryf geword het.
Onvolt. Verlede Toek. Tyd.	Jan sou 'n brief skryf.	'n Brief sou deur Jan geskryf word.
Volt. Verlede Toek. Tyd.	Jan sou 'n brief geskryf het.	'n Brief sou deur Jan geskryf geword het.

OPMERKING 1. Soms word onoorganklike wwe. ook in die lydende vorm gebruik, en word dan **onegte, onpersoonlike** of **lydende vorme** genoem.


B.v. Daar word gedans, geklop ens.

Hier word nie gerook nie.

Dit word vermeld, gesê, berig, ens.

OPMERKING 2. Die woorde *daar, hier, ens.*, word die **grammatiese onderwerp** genoem.

XX.—TABELLARIESE OORSIG VAN DIE WW.



XXI.—DIE VOORNAAMWOORD.

Daar is nege soorte bnwe.:—

(1) Persoonlike vnw. wat vir drie persone gebruik word:—

- (a) Die eerste persoon is die persoon wat praat. B.v. Ek, ons.
- (b) Die tweede persoon is die persoon wat aangespreek word. B.v. Jy, u, julle.
- (c) Die derde persoon is die persoon (of voorwerp) van wie (waarvan) gepraat word. B.v. Hy, sy, hulle, dit.

Tabellariese Oorsig van die Pers. Vnw.

Persoon.	ENKELVOUD.		MEERVOUD.	
	Onderwerps-vorm.	Voorwerps-vorm.	Onderwerps-vorm.	Voorwerps-vorm.
Eerste.	ek (ekke)	my	ons.	Ons.
Tweede.	jy, u.	jou, u.	julle (jul), u.	julle, u.
Derde	Manlik—hy.	hom.	hulle (hul).	hulle.
	Vroulik—sy.	haar.	hulle	hulle.
	Geslagloos—dit(sy, hy).	dit (hom, haar).	hulle (dit).	hulle.

OPMERKING 1. *U* is die beleefde aanspreekvorm wat gebruik word teenoor vreemdelinge en meerderes. B.v. Meneer, kan *u* my sê wat die naam van hierdie dorp is? Dag, dominee! (of professor!) Waar gaan *u* heen? Generaal, wat is *u* opinie oor die saak?

Jy word gebruik teenoor jou gelykes, intieme vriende of minderes. B.v. Die onderwyser vra: „Koos, waar was *jy* gister?” Aia (of outa), waar het *jy* die brood gesit? „Piet,” sê sy vriend Jan, „*jy* sal moet hard leer as *jy* my wil klop.”

OPMERKING 2. Kinders herhaal gewoonlik die woord waarmee hulle hul meerderes of ouers aanspreek. B.v. Het Pa (of Ma) my geroep toe *Pa* gekom het? Meneer, het *Meneer* nie gesê dat ek vir *Meneer* moes kom roep nie?

(2) Die wederkerende vnw. dui aan dat die onderwerp en die voorwerp een en dieselfde persoon is. Dit kom slegs voor in verband met die terugkerende wwe.

B.v. Ek verbeel *my*; hy verroer *hom*; ons skaam *ons*; jy skeer *jou*; sy was *haar* (-self). (Vgl. bl. 31.)

(3) Die wederkerige vnw. toon aan dat die handeling wat deur 'n ww. uitgedruk word, 'n meervoudige onderwerp wederkerig raak.

B.v. Ons skop *mekaar*. Jan en Piet slaan *mekaar*. Die kindertjies soen *mekaar*.

(4) Die besitlike vnw. dui die genitief van die pers. vnw. aan.

B.v. Dit is *my* hoed. Hierdie hoed is *myne*.

OPMERKING. Die besit. vnw. kan byvoeglik of selfstandig gebruik word. B.v.

ENKELVOUD.		MEERVOUD.	
<i>Byvoeglik.</i>	<i>Selfstandig.</i>	<i>Byvoeglik.</i>	<i>Selfstandig.</i>
1e Pers.— <i>my</i> .	<i>myne</i> .	<i>ons</i> .	<i>ons s'n.</i>
2e Pers.— <i>jou, u</i> .	<i>jou(n)e, u s'n</i> (<i>uwe</i>).	<i>jul, u</i> .	<i>jul s'n, u s'n.</i>
3e Pers.— <i>Manlik—sy.</i> <i>Vroulik—haar.</i>	<i>syne.</i> <i>hare.</i>	<i>hulle.</i> <i>hulle.</i>	<i>hul s'n.</i> <i>hul s'n.</i>

(5) Die aanwysende vnw. dui aan of die persoon of saak wat bedoel word *naby* (*hierdie*), of *verder af* is (*daardie*).

B.v. *Hierdie* boom groei nie. *Dié* man ken ek. *Sulke* (*dergelike*) dinge moet ons nie doen nie.

OPMERKING. Die aanwysende vnw. word ook byvoeglik of selfstandig gebruik. B.v.

<i>Byvoeglik.</i>	<i>Selfstandig.</i>
Hierdie, daardie, dié, die-selfde, sulke, dergelike, so'n, soortgelyke.	Hierdie (een), daardie (een), dié (een), diegene, dit.

(6) Die betreklike vnw. verwys na 'n voorafgaande snw. of vnw. (antesedent), waarop dit betrekking het.

B.v. Die dokter, *wat* die operasie ondergaan het, is dood. Ek ken die kind *wie* *se* boek weg is. Die man *met wie* jy praat is my oom. Daar lê die stok, *waarmee* hy die hond geslaan het.

OPMERKING 1. Betreklike vnwe. word net selfstandig gebruik.

OPMERKING 2. (a) In die akkusatief met 'n voorsetsel word *wie* vir *persone* gebruik, d.w.s. wat + voors. = voors. + wie. B.v. Ek ken die man *met wie* (nie *wat jy mee praat* nie) jy praat, goed.

(b) Vir *diere* en *dinge* verander *wat* in *waar* + voors. B.v. Die perd, *waarop* jy ry, is bruin. Die klip *waargter* jy sit, is koud.

L.W.—'n Betreklike vnw. verbind 'n byvoeglike bysin met 'n hoofsin.

(7) Die *vraende vnw.* dien om te vra na die name of besonderhede van *persone* of *sake*.

B.v. *Wat sê hy? Wie is die man? Waarmee* het hy die hond geslaan? *Wat* het die gras afgevreet?

OPMERKING. Die *vraende vnw.* word ook byvoeglik of selfstandig gebruik. B.v.

PERSONE.		DIERE OF DINGE.	
<i>Selfstandig.</i>	<i>Byvoeglik.</i>	<i>Selfstandig.</i>	<i>Byvoeglik.</i>
wie? voors. + wie? wie s'n?	watter? wie se?	wat? waar + voors.?	watter? wat vir 'n?

(8) Die *onbepaalde vnw.* dui *persone* of *sake* aan van wie of waarvan 'n mens die naam nie kan of wil noem nie.

B.v. Hier was vanoggend *iemand* wat jou wou spreek. 'n *Mens* weet nie wat môre sal gebeur nie. *Hulle* sê dat die Eerste Minister hiernatoe sal kom. *Baie* is geroep, maar *min* uitverkies. *Party* kom, *ander* gaan.

OPMERKING 1. Die vernaamste *onbepaalde vnwe.* is:—iemand, niemand, 'n mens, niks, iets, almal, sommige, algar, iedereen, elk (elkeen), alles, een.

OPMERKING 2. In plaas van 'n *mens* word soms ook *jy* gebruik. B.v. *Jy* weet soms nie hoe *jy* jou moet gedra nie.

(9) Die *onpersoonlike vnw.* is die woordjie *dit* wat soms so gebruik word dat dit nie juis in die plek van 'n bepaalde snw. staan nie.

B.v. *Dit* gaan goed. *Dit* reent. (Vgl. bl. 31. No. 6.)

XXII.—DIE TELWOORD.

Daar is twee soorte telwoorde:—

(1) **Hooftelwoorde** wat 'n **hoeveelheid** noem. Hul word verdeel in:—

- (a) **Bepaalde hooftelwoorde.** B.v. Een, drie, ag, veertien, sewentien, tagtig, halwe, albei, duisend, miljoen, dosyn, dertig, een-en-twintig, ens.
- (b) **Onbepaalde hooftelwoorde.** B.v. Sommige, etlike, verskeie, party, baie.

OPMERKING. Onbepaalde hooftelwoorde kan òf byvoeglik — sommige kinders is lui — òf selfstandig — sommige wil beweer dat dit waar is — gebruik word. As onbepaalde hooftelwe. selfstandig gebruik word, is hul onbepaalde vnwe. (Vgl. bl. 39. No. 8.)

(2) **Rangtelwoorde** toon die **rang** of **plek** in 'n ry aan, en word verdeel in:—

- (a) **Bepaalde rangtelwe.** B.v. Eerste, derde, agste, veertiende, duisendste, vyf-en-veertigste.
- (b) **Onbepaalde rangtelwe.** B.v. Hoeveelste, soveelste, laaste, middelste.

OPMERKING 1. In breuke ($\frac{2}{3}$, $\frac{4}{5}$, ens.) is die **teller** (boonste getal) altyd 'n **hooftelw.**, en die **noemer** (onderste getal) 'n **rangtelw.**

OPMERKING 2. Allerhande, drieërlei, velerlei, allerlei word **soortgetalle** genoem en is **bnwe.**


OPMERKING 3. Driemaal, driekeer, ens. word **herhalingsgetalle** genoem en is **bywoorde.**

OPMERKING 4. Drievoudig, menigvuldig, ens. word **verdubbelgetalle** genoem en is **bnwe.**

OPMERKING 5. Eerstens, tweedens, derdens, ens. is **bywoorde** en word gebruik in bewysvoeringe.

OPMERKING 6. Die **breuke** is almal **bepaalde hooftelwe.** B.v. 'n *Derde* van sy geld; 'n *sewende* van sy uitgawe; 'n *kwart* van sy boeke.

Tabellariëse oorsig van die telwoord.



XXIII.—DIE LIDWOORD.

Daar is twee soorte lidwoorde:—

(1) **Bepaalde of bepalende lidwoord**, t.w. — *die*, wat deurgaans 'n bepaalde selfstandigheid aanwys. B.v. *Die* man werk hard. *Die* generaal het *die* vergadering toespreek. (Vgl. bl. 38 No. 5.)

OPMERKING. Die lidw. *die* moenie met die aanwysende vnw. *dié* verwar word nie.

(2) **Onbepaalde of nie-bepalende lidwoord**, t.w. — *'n*, wat 'n onbepaalde selfstandigheid van 'n sekere soort aanwys. B.v. Ek lees *'n* boek. *'n* Perd staan in *'n* stal.

OPMERKING 1. Die lidwoord *g'n* of *geen* is die **ontkenning** van die onbepaalde lidwoord *'n*. B.v. Ek het *g'n* geld nie. *G'n* mens weet dit nie.

OPMERKING 2. As 'n sin met *'n* begin word dit (*'n*) altyd met 'n kleinletter geskryf en die woord wat dit bepaal word met 'n hoofletter geskryf. B.v. *'n* Hond het hom gebyt. (Vgl. bl. 9 No. 1 Opmerking.)

OPMERKING 3. In die volgende gevalle is dit wenslik om 'n bepaalde lidw. te gebruik:—

- (a) Jaargetye: In *die* winter is dit koud.
- (b) Maaltye: Na *die* aandete het ons gaan slaap.
- (c) Siektes: Hy is aan *die* kanker dood.

XXIV.—DIE VOEGWOORD.

Daar is twee hoofsoorte voegwoorde:—

(1) **Neweskikkende voegwoorde** wat in die volgende drie soorte verdeel word:—

- (a) **Aaneenskakelende** — en, ook, beide en, nog, sowel as, ten eerste, ens.
- (b) **Teenstellende** — maar, dog, of, tog, egter, nòg . . . nòg, òf òf.
- (c) **Oorsaaklike** — want, dus, daarom, derhalwe, gevolglik, daardeur.

(2) **Onderskikkende voegwoorde** wat in die volgende soorte verdeel word:—

- (a) **Plek** — waar, vanwaar, waarheen.
- (b) **Tyd** — wanneer, eer(dat), toe, na, voor(dat), terwyl, nadat, tot(dat), so gou (sodra) as.
- (c) **Aanwysing (verklaring)** wat in die indirekte rede gebruik word — dat, of.
- (d) **Rede of Oorsaak** — omdat, aangesien, daar, deurdat, om, om rede dat.
- (e) **Doel** — sodat, dat, ten einde, opdat.
- (f) **Gevolg** — dat, sodat.
- (g) **Voorwaarde** — as, in geval, tensy, mits, wanneer.
- (h) **Vergelyking (wyse)** — soos, nes, dan, as, asof.
- (i) **Graad** — as, (so) dat.
- (j) **Omstandigheid** — sonder (dat), terwyl, in plaas dat.
- (k) **Verhouding** — na gelang dat, namate (dat), hoe hoe.
- (l) **Toegewing** — alhoewel, al, ofskoon, tog.
- (m) **Beperking** — sower, behalwe dat, in sower dat.

XXV.—DIE BYWOORD.

Bywoorde word verdeel in die volgende vyf soorte:—

(1) Bywoorde van modaliteit druk uit:—

- (a) **Ontkenning** — nee, nie, gladnie, verniet, tevergeefs, geensins, volstrek nie.
- (b) **Bevestiging** — ja, stellig, seker, ongetwyfeld, natuurlik, gewis, werklik, inderdaad.
- (c) **Twyfel** — altemit, dalk, straks, miskien, glo, waarskynlik, vermoedelik, denklik.
- (d) **Oorsaak** — waardeur, hierdeur, daardeur.
- (e) **Rede** — mos, immers, trouens, daarom, ook.
- (f) **Wens** — asseblief, dan, tog.
- (g) **Middel** — hiermee, waarmee, daarmee.
- (h) **Doel** — daartoe, hiertoe, daarvoor.
- (i) **Voorwaarde** — desnoods, dan.
- (j) **Gevolg** — derhalwe, dus.
- (k) **Omstandigheid** — selfs, onverwags, plotseling, vergeefs.
- (l) **Toegewing** — nogtans, nietemin, egter, desnieteenstaande.
- (m) **Beperking** — hieromtrent, deels, andersyds, dienaangaande.

(2) Bywoorde van hoedanigheid — mooi, saggies, reg, verkeerd, blindelings, ens.

(3) Bywoorde van plek of rigting — naby, links, êrens, orals, oos, noord, wes, suid, voorwaarts, binne, ens.

(4) Bywoorde van tyd — gister, môre, vandag, altyd; dikwels, selde, nooit, gou-gou, vroeg, laat, ens.

(5) **Bywoorde van graad** (hoeveelheid) — baie, taamlik, omtrent, byna, uiters, skaars, so, amper, ens.

OPMERKING 1. Sommige bywoorde kan verbuig word om trappe van vergelyking aan te toon. B.v.

<i>Stellende trap.</i>	<i>Vergrotende trap.</i>	<i>Oortreffende trap.</i>
dikwels	meermale	meeste.
naby	nader (by)	naaste (by).
selde	minder	minste.
wel (goed)	beter	beste.
voor	verder voor	voorste.
agter	verder agter	agterste.
graag	liewer	liewerste of graagste.

OPMERKING 2. **Bywoordelike uitdrukkinge** bestaan uit 'n paar woorde in vaste verbindings wat dien as bywoorde. B.v. Voor die huis; op staande voet; onverrigtersake, af en toe, ens.

XXVI.—DIE VOORSETSEL.

Voorsetsels druk 'n betrekking uit tussen:

(1) Wwe. en naamwoorde. B.v. Hy reken *op* my. Jan koop *by* Juta.

(2) Naamwoorde. B.v. Kaatjie *van* die baan. Die boek *op* die tafel.

Die verskillende soorte voorsetsels is:—

(1) Van **tyd** — *oor* vier dae; *voor* vyfuur; *sedert* die laaste ses jaar; *na* veertien dae.

(2) Van **plek** — *op* die berg; *langs* die huis; *agter* die skool; *teen* die muur.

(3) Van **beweging** — *om* die skool; *rondom* die dorp; *uit* die kombuis (uit).

(4) Van iets **anders** — *sonder* geld; *behalwe* ons; *weens* die droogte; *namens* my vrou; *aangaande* my en my huis.

Sommige wwe. (ook ander woordsoorte) vorm met sekere voorsetsels bepaalde (idiomatiese) uitdrukkinge. B.v. Trots *op*, verlang *na*, *op* weg, dink *aan* (*oor*, *van*), verkies *bo*, *by* my siks, *by* voorbaat, *deur* die bank, *met* iets vertrouwd wees, aard *na*, jou ontferm *oor*, vertrou *op*, *per* abuis, *te* perd, die woord is ontleen *aan* Frans, bestand *teen* iets wees, *ter* sake, bestaan *uit*.

Die vernaamste voorsetsels in Afrikaans is:— *behalwe*, *aan*, *agter*, *binne*, *gedurende*, *deur*, *buite*, *bo*, *by*, *betreffende*, *langs*, *tot*, *weens*, *vir*, *voor*, *van*, *tussen*, *uit*, *om*, *oor*, *op*, *sonder*, *te*, *teen*, *teenoor*, *onder*, *ondanks*, *met*, *na*, *newens*, *naas*, *anderkant*, *buitekant*, *bo-op*, *buiten*, *aangaande*, *in*, *per*.

OPMERKING. Daar is sekere uitdrukkinge (**voorsetseluitdrukkinge**) wat diens doen as voorsetsels. B.v. Ten spyte van, in weerwil van, ten opsigte van, ter wille van, na gelang van, uitgesonderd, ens.

XXVII.—DIE TUSSENWERPSEL.

Tussenwerpsels (interjekties) staan in die reël nie in verband met die ander rededele van 'n sin nie, m.a.w., hulle staan buiten die grammatiese sinsverband.

Tussenwerpsels druk uit:—

Gevoelsuitinge. B.v.

- (a) **Verbasing** — O! kyk! op die aarde! Ag nee! nou-toe-nou! so!
- (b) **Pyn** — eina! soe! au!
- (c) **Afkeuring** — sies! foei! ga!
- (d) **Simpatie** — siestog! foeitog!
- (e) **Toejuiging of vreugde** — ou bees! ryperd! ou haan! ramkat! hoera! doring! hotnot!
- (f) **Teleurstelling** — helaas! ag! ai!
- (g) **Skrik** — hiert! hierjy! aitsig!

OPMERKING 1. Vloekwoorde of versagte vloeke is almal tussenwerpsels. B.v. Mastag, kragtie, gedorie-waar, maggies, verduiwels, vervlaks, mapstieks, o gonna, o jee, ens.

OPMERKING 2. Tussenwerpsels is uitroepe en daar-agter word gevolglik altyd 'n uitroepteken geskryf.

XXVIII.—DEELWOORDE.

Die funksies van 'n deelwoord is tweeledig, t.w., deels die van 'n naamwoord en deels die van 'n ww.

Daar is twee soorte deelwoorde:—

(1) Die onvoltooide (teenwoordige) deelwoord druk 'n handeling uit wat aan die gang is, en word gevorm deur *-ende* aan die stam (infinitiefsvorm) van die ww. te voeg.

B.v. *Singende, horende, aanhoudende, klaende, lesende, ens.*

OPMERKING. Die wwe. *gaan, slaan, staan, sien* en *doen* vorm hul onvolt. deelwe. deur *-de* by die stam te voeg.

B.v. *Gaande, slaande, staande, siende, doende.*

Die onvolt. deelw. kom voor as:—

- (a) **Snw.** — Die vrou gaan te kere soos 'n *rasende*.
- (b) **Bywoord** — Hy werk *uitstekend*. Die wind waai *aanhoudend*.
- (c) **Voorsetsel** — Die wind het *gedurende* die nag ge-waai. Hy het my al die feite *betreffende* (*aangaande*) die saak gegee.
- (d) **Attributiewe bnw.** — 'n *Dreigende* oorlog; *singende* voëltjies; 'n *aanhoudende* lawaai; *staande* water, *afdoende* bewys.
- (e) **Predikatiewe bnw.** — Demosthenes was *welsprekend*. Hy is *sterwende*. Die saak is *hangende*. Die uitslag was *teleurstellend*. Haar kennis is *vol-doende*.

(2) Die voltooide (verlede) deelwoord druk 'n werking uit wat afgeloop of voltooi is, en word gevorm deur *ge-* voor die stam van die ww. te voeg.

B.v. *Gedwing, gedwonge; geslaap; gedoen, gedane; gesweer, geswore.*

Uitsonderings: (a) Volt. deelw. gevorm van wwe. met die voorvoegsels — *be-, er-, ge-, her-, ont-, ver-*.

B.v. *Bedorwe* (bederf), *ervare* (ervaar), *genote* (geniet), *herhaalde* (herhaal), *ontslape* (ontslaap), *vervloë* (vervlieg).

(b) Volt. deelwe. gevorm van onskeibaar saamgestelde wwe. met die klemtoon op die laaste deel van die woord.

B.v. Onderdrúkte, mishándelde, onvoorsiéne, mislúkte, omringde, deurdrónge, ens. [Vgl. bl. 31 No. 7(b)]

OPMERKING. Volt. deelwe. gevorm van onskeibaar saamgestelde wwe. met die klemtoon op die eerste deel kry altyd *ge*.

B.v. Gekortwiekte, geliefkoosde, gekniehalterde.

(Vgl. bl. 32.)

Die volt. deelw. word gebruik:—

(a) As 'n **attributiewe bnw.** — 'n *Mislukte* poging; 'n *geploegde* land; 'n *geslypte* diamant; 'n *geleende* boek; 'n *geleerde* boer; *gespanne* aandag; 'n *gebroke* stem; *geskonde* regte; 'n *geslepe* skelm; *verborge* skatte; *verkreë* regte; *betrokke* lug; *voorgeskrewe* boeke, ens.

(b) As 'n **predikatiewe bnw.** — Die onderwyser is *geleerd*, *beroemd*, *geëerd*, *gewapend*, *welgesteld*, *teleurgesteld*, ens.

(c) Met die **hulpwwe.** — *is* (was), *het* en *word* — om die verskillende tye van die ww. te voltooi. B.v. Ek het hom *geslaan* en *geskop*. Hy *is* of *word* *geslaan* en *geskop*, ens.

(d) As 'n **snw.** — 'n Verloofde, beminde, geleerde, bekende; die ondergetekende, gevangene, ens.

(e) As 'n **bywoord** — Dis *bepaald* ernstig. Die som *is ongetwyfeld* reg. Ek doen my werk *gereeld*.

OPMERKING. Van sommige wwe. kan twee verskillende volt. deelwe. gevorm word, een waarvan die stamklinker verandering ondergaan en dan gewoonlik 'n figuurlike betekenis aanneem:—

Opwen — 'n *opgewende* oorlosie; 'n *opgewonde* kind.

Slyp — 'n *geslypte* mes; 'n *geslepe* kalant.

Breek — 'n *gebreekte* bord; 'n *gebroke* hart.

Buig — 'n *gebuigde* tak; 'n *geboë* hoof.

Betrek — *betrekke* wild; *betrokke* lug.

Sluit — 'n *gesluite* deur; 'n *geslote* boek (fig.).

XXIX.—SINSONTLEDING.

Elke sin bestaan hoofsaaklik uit twee dele:—

(1) Die onderwerp (subjek) wat die persoon of ding van wie of waarvan gepraat word aandui.

(2) Die gesegde (predikaat) wat aandui wat van die onderwerp gesê word. B.v.

<i>Onderwerp.</i>	<i>Gesegde.</i>
Die kind	slaap.
'n Hond	blaf.
Ons	werk.

Die onderwerp van 'n sin is 'n snw., 'n vnw. of enige ander woordsoort wat, as 'n snw. gebruik word. B.v. Die *perd* (snw.) skop. *Hy* (vnw.) word predikant. *Om te dwaal* (infinitief van ww.) is menslik. *Lees* (ww.) is nuttig. Die *gewondes* (volt. deelw.) en die *lydendes* (onvolt. deelw.) lê op die slagveld. *Dat hy dit gesê het* (sin) is verstaanbaar, ens.

Daar is vier soorte onderwerpe:—

(1) Enkelvoudige onderwerp. B.v. Die *bok* blêr. Die *kinders* speel.

(2) Veelvoudige onderwerp. B.v. Die *soldate* en *matrose* werk hard. Die man en die vrou dans.

(3) Skynbare onderwerp. B.v. *Dit* hael. *Dit* reent.

(4) Voorlopige onderwerp. B.v. *Dit* is jammer dat hy so slordig is. (Dat hy so slordig is (= dit) is jammer.)

OPMERKING. In sommige sinne ontbreek of word die onderwerp verswyg. B.v. Hier word nie gerook nie, Daar word gedans. Bly stil! Let op!

Die gesegde van 'n sin is:

(a) 'n Selfstandige ww. B.v. Die man *werk*. Die vrou *loop*. Sy *het* *gehuil*. Ek *het* 'n *perd*.

(b) 'n Naamwoord wat deur middel van die koppelwwe. (is, word, lyk, heet, skyn, blyk) met die onderwerp verbind is. B.v. Die seun *word* dokter. Hy *lyk* oud. Dit *is* hy. Die venster *is* toe.

Die voorwerp is 'n snw. of 'n woord of frase gebruik soos 'n snw. in die akkusatief. Die voorwerp word na die oorganklike wwe. getref.

Daar is twee soorte voorwerpe:—

(1) Die direkte (lydende) voorwerp is 'n voorwerp wat 'n handeling ondergaan en na oorganklike wwe. voorkom. B.v. Ek lees 'n *boek*. Hy help *my*.

(2) Die indirekte (belanghebbende) voorwerp is 'n voorwerp wat indirek in die handeling betrokke is. B.v. Ek skryf *hom* 'n brief. Jan vertel *my* 'n storie. Die vrou gee die *bedelaar* 'n stuk brood.

Bepalinge is woorde of uitdrukkinge wat die betekenis van ander woorde nader bepaal of omskryf. Die twee vernaamste soorte bepalinge is:—

(1) **Byvoeglike bepalinge** wat 'n snw. omskryf. B.v. Die *mooi* meisie dans. Hy eet *kragtige* kos. Pilsoedski, *die man van geweld*, was die vryheidsheld van Pole.

(2) **Bywoordelike bepalinge** wat wwe. bepaal. B.v. Die haan staan *op die muur*. Die atleet loop *vinnig*. Hy sal *môre* kom. Mussolini slaap *min*. *Ten spyte van sy gedrag*, het sy moeder hom lief. Hy het weggegaan *sonder om iets te sê*. Hulle sal *stellig* môre kom.

Daar is drie hoofsoorte sinne:—

(1) 'n **Enkelvoudige sin** wat net één gedagte uitdruk en dus net één selfstandige ww. het. Dit kan die vorm aanneem van:

- (a) 'n **Bewering** (mededeling). — Ek skryf. Die man is ryk. Hitler is 'n volksleier.
- (b) 'n **Wens**. — Was hy tog maar daar!
- (c) 'n **Vraag**. — Het hy dit gesê? Wie loop daar?
- (d) 'n **Bevel**. — Moenie so maak nie! Loop gou!
- (e) 'n **Uitroep**. — Hoe het die helde geval!

(2) 'n **Neweskikkende saamgestelde sin** of **veelvoudige sin** bestaan uit twee of meer hoofsinne met of sonder afhanklike bysinne. B.v. Jan slaap en Piet lees. (Twee hoofsinne). Die leerling wat sy bes doen, vorder; maar die leerling wat nie wil werk nie, voer gewoonlik niks uit nie. (Twee hoofsinne en twee afhanklike bysinne).

OPMERKING 1. In die algemeen word 'n sin wat selfstandig of op sigself kan bestaan, 'n **hoofsin** genoem; en 'n sin wat 'n sinsdeel of afhanklik is van 'n ander sin, 'n **bysin** genoem.

OPMERKING 2. As die sinne in 'n saamgestelde sin van 'n ongelyke waarde of rang is, dan is die sinsverband **onderskikkend**; maar as die sinne in 'n saamgestelde sin van gelyke waarde of rang is, dan is die sinsverband **neweskikkend**.

Neweskikkende saamgestelde sinne kan wees:—

- (a) **Aaneenskakelend.** B.v. Ek het eers na Kaapstad gegaan, *en* toe na Bloemfontein gereis.
- (b) **Teenstellend.** B.v. Hy het dit nie gesê nie, *maar* (hy) het dit geskryf.
- (c) **Redegewend (oorsaaklik).** B.v. Ek sal die brief vanaand skryf; (want) môre het ek nie tyd nie.

(3) 'n **Onderskikkende saamgestelde sin** bestaan uit één hoofsin en één of meer afhanklike bysinne. B.v. Ek verstaan wat hy sê. (Een hoofsin en een afhanklike bysin). As 'n kind begin te loop, begin daar 'n beweging wat soms allerwonderliks loop. (Een hoofsin en twee afhanklike bysinne).

Daar is drie soorte bysinne:—

(1) Die **selfstandige bysin** wat die funksie van 'n snw. verrig en voorkom as:—

- (a) Die **onderwerpsin**. B.v. *Wie steel* is 'n dief. *Wat sy daar sê* is waar. *Wanneer hy hier sal aankom* staan in die koerant. „*Eerlikheid duur die langste*” is 'n bekende spreekwoord.
- (b) Die **gesegdesin**. B.v. Die man is nie *wat hy lyk* nie. So'n slim seun kan word *wat hy wil*.

- (c) Die voorwerpsin. B.v. Hy sê *dat hy dit gedoen het*. „*Wie loop daar?*” vra hy. Vertel my *hoe jy dit gedoen het*.

OPMERKING 1. Die onderwerpsin, gesegdesin en voorwerpsin verrig dieselfde funksies as 'n onderwerp, 'n gesegde en 'n voorwerp, met die onderskeid dat dit in die een geval sinne en in die ander woorde is.

OPMERKING 2. Die gesegdesin kom net voor na die koppelwwe. — is, word, lyk, heet, skyn en blyk.

OPMERKING 3. Die voorwerpsin kom net voor na oorganklike wwe.

(2) Die byvoeglike bysin doen die werk van 'n bnw. en word altyd ingelei deur 'n betreklike vnw., en in sommige gevalle deur die voegwoorde — *dat, of, waar* en *wanneer*. (Vgl. bl. 39.)

B.v. Die persoon *wat net lewe om te eet*, graaf sy graf met sy tande. Ek ken die perd *waarop jy ry*. Die man *van wie jy praat*, is ryk. Die feit *dat hy daar was*, is bekend. Ek woon nou in die dorp, *waar jy vroeër gewoon het*. Die vraag *of hy skuldig is*, moet nog beslis word.

(3) Die bywoordelike bysin doen die werk van 'n bywoord of bywoordelike bepaling en word gewoonlik ingelei deur 'n voegwoord. Die volgende is die ver naamste soorte:—


- (a) Tyd. — Jan lees *terwyl hy eet*.
- (b) Plek. — Die hond loop *waar ek loop*.
- (c) Hoedanigheid. — Hy gedra hom *asof hy 'n kind is*.
- (d) Voorwaarde. — *As hy sy bes doen*, sal hy dit regkry.
- (e) Toegewing. — *Al loop die leuen nog so snel*, die waarheid agterhaal hom wel.
- (f) Graad. — *Lewe so gelukkig as jy kan*.
- (g) Gevolg. — Hy het hard gepraat *sodat almal hom kon hoor*.
- (h) Rede of oorsaak. — Die ouer het die kind gestraf *omdat hy ongehoorsaam was*. *Daar (aangesten) dit gereent het*, kon ek nie kom nie.

- (i) **Beperking.** — *Sover ek kan oordeel is hy onskuldig.*
 (j) **Omstandigheid.** — *Hy het dit gedoen sonder dat hy iemand geraadpleeg het.*
 (k) **Verhouding.** — *Hoe meer 'n mens het, hoe meer wil jy hê.*
 (l) **Doel.** — *Ek leer hard sodat ek in die eksamen kan slaag.*
 (m) **Vergelyking.** — *Jan praat meer as wat hy werk.*


GRAFIESE VOORSTELLING VAN SINNE.

Die drie hoofsoorte sinne kan grafies as volg voorgestel word:—


- (a) Die enkelvoudige sin deur één streep:—



- (b) Die onderskikkende saamgestelde sin deur een streep met een of meer vertakkinge:—



- (c) Die neweskikkende saamgestelde sin deur twee of meer strepe met of sonder vertakkinge verbind deur 'n skakel:—



OPMERKING. 'n Streep sonder 'n vertakking stel 'n enkelvoudige sin voor, en 'n streep met 'n vertakking of vertakkinge stel 'n hoofsin met sy afhanklike bysin of bysinne voor.

Voorbeeld van algemene sinsontleding.

Toe ek eergister by hom gaan kuier het, het hy my gesê dat St. Helena, die eiland waar die magtige gees van die gevalle Napoleon nog in die oorlewering omwandel, waar ook nog spore en grafte lê van Boere-krygsgevangenes wat oor die 1,750 myl van Kaapstad in tydelike ballingskap daarheen vervoer is, die gereelde vakansie-oord was van Oom Jan, wat pas weer in ons dorp terug is.

* * * *

'n Ondergeskikte saamgestelde sin.

No.	SIN.	SOORT EN VERBAND.
A.	Hy het my gesê.	Hoofsin.
B.	Toe ek eergister by hom gaan kuier het.	Byw. bysin van tyd by „het gesê” in A.
C.	Dat St. Helena, die eiland, die gereelde vakansieoord van Oom Jan was.	Voorwerpsin by „het gesê” in A.
D.	Waar die magtige gees van die gevalle Napoleon nog in die oorlewering omwandel.	Byv. bysin by „eiland” in C.
E.	Waar ook nog spore en grafte lê van Boere krygsgevangenes.	Byv. bysin, neweskikkend met D.
F.	Wat oor die 1,750 myl van Kaapstad in tydelike ballingskap daarheen vervoer is.	Byv. bysin by „Boerekrygsgevangenes” in E.
G.	Wat pas weer in ons dorp terug is.	Byv. bysin by „Oom Jan” in C.

Voorbeeld van sinsontleding in besonderhede.

Tant Sannie het hom gisteraand 'n storie voor die vuurherd vertel.

Onderwerp.	Gesegde.	Voorwerp.	Bywoordelike Bepaling.
Tant Sannie	het vertel.	'n storie (dir.). hom (indir.)	voor die vuurherd (plek). gisteraand (tyd).

XXX.—WOORDVORMING.

Woordvorming kan op die volgende drie maniere plaasvind:—

- (1) Deur **saamstelling**.
- (2) Deur **afleiding**.
- (3) Deur **saamstellende afleiding**.

SAAMSTELLING.

(a) **Saamgestelde wwe.** B.v. Asemhaal, koekloer, skuimbek, deurbring, saamstel, gelukwens, raadpleeg.

(b) **Saamgestelde snwe.** B.v. Tafelpoot, skryftafel, wysneus, duisendpoot, voordeur, terugreis, drievoet, sitkamer, Rooinek, volkslied, volkerebond, lewensskets, hondehok, kindermid, perdestal.

(c) **Saamgestelde bnwe.** B.v. Doofstom, grasgroen, leergierig.

(d) **Saamgestelde bwe.** B.v. Naby, bo-op, bekaf, eergister, langamerhand, staan-staan, kort-kort, kortaf.

AFLEIDING.

(A) **Afgeleide snwe.** wat op drie maniere geskied:—

(1) Deur **regstreekse afleiding**, d.w.s. deur middel van klankwisseling van die stamwoord.

B.v. Leed (ly), rit (ry), genot (geniet), keuse (kies), reuk (ruik), band (bind), drank (drink), hulp (help), spreuk of spraak (spreek), brok of breuk (breek), stok (steek), gif of gawe (gee), meel (maal), maat (meet), slot (sluit), vonds (vind), wraak of wrok (wreek), vlug (vlieg), boog (buig), bedrog (bedrieg), skoot (skiet), sprong (spring).

(2) Deur **agtervoegsels**:—

(a) **Persoonsname** — Italiaan, sukkelaar, skuldenaar, leuenaar, kruidenier, luiaard, vyand, inspekteur, eksaminator, leerling, vriend, politikus, parmant, kalant, telegrafis, realis, Paarliet, Israëliet, Nataler, werker.

OPMERKING. Vroulike persoonsname gaan uit op *-e*, *-es*, *-in*, *-ster* en *-ise*. (Vgl. bl. 22.) B.v. Eggenote, prinses, heldin, praatster, aktrise.

(b) **Saakname** — Lessenaar, altaar, murasie, gieter, skarnier, vuilis, baksel, deksel, sleutel, toneel, bloesem, deken.

OPMERKING. Die verkleinwoordsuitgange kan ook as agtervoegsels om afgeleide snwe. te vorm beskou word. (Vgl. bl. 20.)

(c) **Versamelname** — Geboomte, mensdom, genootskap, plantaste, boekery, Christenheid.

(d) **Abstrakte snwe.** — koue, liefde, diepte, gesondheid, skepping, voogdy, bedrieëry, slawerny, bedelary, begrafnis, gebeurtenis, rykdom, vangs, wins, vriendskap, kwaliteit, dreiemment, spiritisme.

(3) **Deur voorvoegsels:—**

aarts- (eerste) = *aartsvader*, *aartsbiskop*.

af- (geen, sonder) = *afgrond*, *afgod*.

ant- (teen) = *antwoord*.

ge- 1. (tesame) = *gebroeders*, *gesél*.

2. (gedurige handeling) = *gepraat*, *gewoel*, *gelag*.

3. (resultaat van 'n werking) = *gebou*, *geswel*.

4. (versameling) = *gebergte*, *gebeente*.

oer- (oorspronklik, oud) = *oerwoud*, *oermens*.

on- (nie, sleg, teenoorgestelde) = *ondeug*, *ondier*, *onwaar*, *ongeluk*, *onkruid*.

oor- (uit, eerste) = *oorsprong*, *oorsaak*, *oordeel*.

mis- (sleg) = *misbruik*, *misdaad*, *misverstand*.

ko-, *kor-*, *kol-*, *kon-*, *kom-* (saam, versameling) = *kooperasie*, *korporasie*, *kollekte*, *kommissie*, *konneksie*.

(B) **Afgeleide bnwe.** wat op drie maniere geskied:—

(1) **Deur regstreekse affleiding.** B.v. Goue, yster, honger, raak, dors, stukkend, pap, dronk (drank).

(2) **Deur agtervoegsels:—**

-agtig 1. ('n bietjie) = *koorsagtig*, *vreesagtig*.

2. (soos) = *reusagtig*, *monsteragtig*.

-haftig (het die eienskappe van) = heldhaftig, manhaftig, krygshaftig.

-baar 1. (draende) = vrugbaar, dankbaar.

2. (kan gedoen word) = breekbaar, eetbaar.

-erig 1. (geneig tot) = praterig, slaperig.

2. (tot 'n sekere mate soos) = sanderig, bloederig, siekerig.

ig- (besittende) = magtig, harig, moedig.

-lik 1. (behorende tot) = liggaamlik, stedelik.

2. (kan doen) = aansteeklik, hinderlik.

3. (gee) = pynlik, skadelik.

4. (gelykende op) = meesterlik.

5. (besittende) = gevaarlik, sieklik.

-loos (sonder) = kinderloos, hulpeloos, werkloos.

-ies (-s) 1. (behorende tot) = Hollands, Natals, Russies, Slaafs.

2. (volgens) = logies, evangelies, teoreties.

-saam (geneig) = gehoorsaam, leersaam.

(3) Deur voorvoegsels:—

aarts- (baie) = aartsdom, aartslui.

be- (voorsien van) = begaafd, beroemd, bewolk.

ge- (voorsien van) = gespikkeld, gesteweld.

oer- (baie) = oeroud.

on- (nie) = ongelukkig, ongehoorsaam.

wan- (sleg) = wanhopig, wanstaltig.

(C) Afgeleide bywoorde word gevorm deur middel van die volgende agtervoegsels:—

-lik (het die hoedanigheid van) = gewoonlik, opsetlik.

-liks (elke) = jaarliks, weekliks.

-ling(s) (manier) = plotseling, beurtelings.

-gewys(e) (op sekere manier) = trapsgewys(e), paarsgewys.

-waarts (rigting) = huiswaarts, noordwaarts.

-ies (-jies, -tjies, -etjies, ens.) (verkleiningsuitgange) = saggies, liefies, warmpies, suutjies, stilletjies.

(D) Afgeleide wwe. — (Kyk bl. 32 No. 8.)

XXXI.—VERBUIGING EN VERVOEGING.

Die veranderinge wat naamwoorde (snw., vnw., en bnw.) in hul vorm ondergaan noem ons **verbuiging**.

Die **snw.** ondergaan verbuiging om verskil in **verkleinwoorde**, **geslag** en **getal** aan te toon.

B.v. Prins — prinses (vroulik) — prinse (meervoud), prinsie en prinsessie (verkleinwoorde).
(Vgl. bls. 22, 20 en 16.)

Die **bnw.** ondergaan verbuiging deur die aanvoeging van **-e** of vir die **trappe van vergelyking**.

B.v. 'n Arm man (sonder geld) en 'n arme man (met wie ons simpatiseer).

Arm — armer — armste. (Vgl. bls. 26, 27.)

OPMERKING. Sommige bnwe. verskil ook in vorm in hul attributiewe en predikatiewe gebruik. B.v.

ATTRIBUTIEF.	PREDIKATIEF.
'n <i>ou</i> man.	die man is <i>oud</i> .
'n <i>jong</i> man.	die man is <i>jonk</i> .
'n <i>lang</i> man.	die man is <i>lank</i> .
'n <i>leë</i> glas.	die glas is <i>leeg</i> .

Die **vnw.** word verbuig om verskil in **getal**, **geslag** en **naamval** aan te toon.

B.v. *Hy* (nominatief) — *hulle* (meervoud) — *haar* (vroulik) — *hom* (akkusatief) — *sy* (genitief).
(Vgl. bl. 37.)

Die **bywoord** word net verbuig vir **trappe van vergelyking**.

B.v. Wel (goed) — beter — beste.
Selde — minder — minste.
(Vgl. bl. 44.)

Die veranderinge wat 'n ww. ondergaan in wyse, tyd en vorm word **vervoeging** genoem.

Hierdie veranderinge word aangedui met behulp van sekere hulpwwe. (Vgl. bls. 33, 34 en 35.)

OPMERKING. Die ww. in Afrikaans word nie in persoon en getal vervoeg nie, omdat dit geen verskil in vorm daarin ondergaan nie.

Vervoeging van ww. slaan.

<i>Tyd.</i>	<i>Bedrywende Vorm.</i>	<i>Lydende vorm.</i>
Onvolt. teenw. tyd. Volt. teenw. tyd. Onvolt. verl. tyd. Volt. verl. tyd. Onvolt. toek. tyd. Volt. toek. tyd. Onvolt. verl. toek. tyd. Volt. verl. toek. tyd.	AANTONENDE WYS. ek slaan. ek het geslaan. ek het geslaan. ek het (al) geslaan. ek sal slaan. ek sal geslaan het. ek sou slaan. ek sou geslaan het.	ek word geslaan. ek is geslaan. ek is geslaan. ek was geslaan. ek sal geslaan word. ek sal geslaan geword het. ek sou geslaan word. ek sou geslaan geword het.
Teenw. tyd. Verlede tyd.	AANVOEGENDE WYS. ek mag (sou) slaan. ek mag (sou) geslaan het.	ek mag (sou) geslaan word. ek mag (sou) geslaan geword het.
Teenw. tyd. Verlede tyd.	ONBEPAAALDE WYS. (om) te slaan, slaan. (om) te geslaan het.	(om) geslaan te word. (om) geslaan te geword het.
Persoon. 2e Pers. 8e Pers.	GEBIEDENDE WYS. slaan, jy moet slaan. hy moet slaan, laat hom slaan.	word geslaan, jy moet geslaan word. hy moet geslaan word.

XXXII.—DIE DUBBELE ONTKENNING.

Die vernaamste ontkenningsswoorde is:—

1. *Nie* *nie*.
2. *Niks* *nie*.
3. *Nooit* (*nimmer*) *nie*.
4. *Nêrens* *nie*.
5. *Niemand* *nie*.
6. *Geen* (*g'n*) *nie*.

Die herhaling van die ontkenning kom veral voor in die volgende gevalle:—

(1) As die onderwerp of voorwerp ontkenkend is. B.v. *Niemand* weet dit *nie*. *Geen* dier is so groot *nie*. Ek het *niks* (*geen* ding, *nie* 'n ding) gedoen *nie*.

(2) As die gesegde van die sin bestaan uit 'n ww. en 'n hulpww. B.v. Ek *sal* dit *nie doen* *nie*. Hy *wil* dit *nie weet* *nie*.

(3) As die gesegde van die sin 'n skeibaar saamgestelde ww. is. B.v. Die lawaai *hou* *nie aan* *nie*. Hy *let* *nie op* *nie*. Die perd *staan* *nie stil* *nie*.

(4) As die woorde *nooit* en *nêrens* in die gesegde voorkom. B.v. Hy sing *nooit* *nie*. Hy is *nêrens* te vind *nie*. Sy sal *nêrens* gaan *nie*.

(5) As die gesegde aangevul word deur 'n voorwerp of bepaling of bysin. B.v. Hy verstaan *nie* die *som* *nie*. Die atleet spring *nie hoog* *nie*. Ek verstaan *nie* *hoe* *hy* *die som* *gedoen* *het* *nie*. Die atleet spring *nie so hoog* *as* *hy verlede jaar gespring* *het* *nie*.

OPMERKING 1. In etlike gevalle word die tweede *nie* weggelaat:—

(1) As die gesegde uit één woord bestaan. B.v. Ek *slaap* *nie*. Koos, die luiaard, *werk* *nie*.

(2) As daar *nie* 'n voorsetsel voor die voorwerp, bestaande uit 'n vnw., gebruik word *nie*. B.v. Ek sien haar *nie*. Die seun slaan hulle *nie*.

OPMERKING 2. Die tweede *nie* is *nie* 'n ontkenning van die ontkenning *nie*, maar 'n versterking van die negatief.

XXXIII.—VALSTRIKKE.

Ek lyk hom (of dit) nie — Ek *hou* nie *van* hom (of daar-
van) nie.

Die skool breek op — Die skool *sluit*.

Stappe neem — Stappe *doen*.

Hy het nie opgedraai nie — Hy het nie *opgedaag* nie.

Iemand stasie-toe neem — Iemand stasie-toe *bring*.

Die eksamenpapiere is styf — Die eksamenvraestelle is
moeilik.

Wat is die tyd? — *Hoe laat is dit?*

Nuutste uitgawe — *Jongste* uitgawe.

'n Wandeling neem — *Gaan loop* (of *wandel*).

'n Vergadering was gistraand gehou — 'n Vergadering
is gistraand gehou.

Ek is angstig om haar te ontmoet — Ek is *begerig* om
haar te ontmoet.

Tussen die lyne lees — Tussen die *reëls* lees.

Daar gaan die klok — Daar *lui* die klok.

Dit is die eerste klok — Dit is die eerste *gelui*.

Die saal is opgelig — Die saal is *verlig*.

* * * * *

In die sin — „Die meisie is (lyk) mooi” — is „mooi”
'n *bnw.*, en nie 'n *bw.* nie. Hoekom?

In die sin — „Jan is (word) 'n man” — is „man”
nominatief en nie akkusatief nie. Hoekom?

(Vgl. Dit is *ek*, — nie *my* nie.)

* * * * *

Die man wat ek van praat — *van wie*.

Die stoel wat jy daar op sit — *waarop*.

Die man wie daar staan is beroemd — *wat*.

Hier is 'n stok; slaan die hond met dit — *daarmee*.

Wil jy nog van dit hê? — *hiervan*.

* * * * *

Let op die spelling van die volgende woorde:— konin-
kie, sprinkaanvoël, finansieel, finansiële, prieel, priële,
intellektuele, intellektueel, sosiaal, sosiale, skêre (vgl.
sterre), blêr, vroeër (vgl. droër), boordjie (nie boordtjie
nie), paraffien, wêreld, kêrel, pêrel, interessant, onmiddel-
lik, jakkals, dominee, dissipline, kwajong, kwaai-vriende,
ingenieur, oorsese, burgemeester, majestueus.

Pas op dat jy nie *y* en *ei* in woorde verwar nie. B.v.

Feit — werklikheid.

eis — vordering, verlange.

bleik — laat wit word.

berei — klaar maak.

wei — graas.

weier — afslaan; nie toe-
staan nie.

vlei — flikflooi; laagte.

vermei — vermaak.

veil — in die openbaar ver-
koop.

steil — baie skuins.

seine — tekens.

reis — tog; op tog gaan.

reik — uitstrek tot; aan-
gee.

rei — koor.

reier — soort moerasvoël.

peil — hoogtepunt; diepte
bepaal.

Mei — vyfde maand.

lei — waarop jy skryf; be-
stuur.

leiding — toesig; beheer.

* * * * *

Let op die volgende woorde wat met *f* en *v* begin:—

Faam — roem.

faal — te kort skiet; mis-
luk.

fee — towergodin.

fat — modegek.

fel — skerp.

fler — trots, sierlik.

fonds — versamelde geld.

fyt — pynlike sweer.

ys — bevrore water.

blyk — duidelik word.

bery — ry op.

wy — heilig; toewy; gee.

wyer — nie smaller
(nouer) nie.

vly — neergooi; skik; voeg.

vermy — ontwyk.

vyl — staalwerktuig.

styl — skryftrant; katel-
styl.

syne — wat aan hom be-
hoort.

rys — graansoort; styg.

ryk — welgesteld.

ry — reeks; op 'n voertuig
beweeg.

ryer — die persoon wat ry.

pyl — reguit gaan; om in
'n boog mee te skiet.

my — akk. en gen. van
„ek”; ontwyk, vermy.

ly — verduur; ondergaan.

lyding — smart.

vaam—lengtemaat $\pm$ 6 vt.

vaal — ligbruin; verbleik.

vee — redelose diere.

vat — neem; inhoudsmaat.

vel — huid; omkap; uit-
spreek.

vier — feestelik herdink; 4.

vonds — ontdekking.

fors — sterk.

fort — skans; vesting.

fase — stadium.

feil — fout; faal.

fis — noot f kruis.

Fries — bewoner of taal
van Friesland; soort bees.

vors — prins; nok van 'n
huis.

vort — weg; vooruit.

vase — mv. van vaas.

veil — verkoop; gereed om
op te offer.

vis — koubloedige dier in
water.

vries — verys.

* * * * *

Onthou dat in saamgestelde woorde waar die eerste deel op *s* eindig en die tweede deel met *s* begin, *ss* (*tweesse*) geskryf word. B.v. *Salarisskaal*, *jakkalsstreke*, *grassaad*, ens.

* * * * *

In die volgende twee gevalle word daar altyd 'n *e* voor die agtervoegsel *-lik* geskryf.

(1) *As -lik* voorafgegaan word deur *b*, *d*, *w*. B.v. *Dadelik*, *dodelik*, *duidelik*, *onhebbelik*, *afskuwelik*, *gruwelik*, *huwelik*.

(2) *As -lik* voorafgegaan word deur *st*, *kt*, *pt*, *gt*, *ft*. (*s k a a p g i f + t*). B.v. *Geestelik*, *feestelik*, *beestelik*, *bedektelik*, *stiptelik*, *amptelik*, *egtelik*, *stigtelik*, *skrifte-lik*.

N.B. *Taamluk*, *hartlik*, *grootliks*, *oulik*, *vroulik*, *naamlik*, *manlik*, *kortliks*, ens.

* * * * *

Skryf woorde aanmekaar wanneer hul 'n eenheid vorm. Let op as jy lees. B.v. *Inkpot*, *ouersvra*, *bebroeide-eiers* (plant), *kortverhaal*, *blindemolletjie* (speletjie), *boikotbeweging*, *spoorwegarbeiders*, *karikatuurtekenaars*, *lepel-lê*, *asemhaal*, *agterlaat*, *naturelleverteenwoordigingswetsontwerp*, *kunswedstrydverenigings*, ens.

* * * * *

In Afrikaans word 'n *d* aan die end van woorde uitgespreek soos 'n *t*. Woorde behou die *d* vir verbuigingsdoeleindes, b.v. *dood* — *dodelik*, *dodes*, *doderyk*; *mond* —

monde — mondelings. Die volgende woordpare word presies eners uitgespreek:—

Loot — jong tak; lootjies-trek.

lood — metaal.

bont — pelswerk; veel-kleurig; deurmekaar.

bond — verbond.

bout — ysterstaaf.

boud — liggaamsdeel.

eet — voedsel nuttig.

eed — getuienis voor God.

ent — afstand; punt; boom-ent.

end — einde.

graat — visbeen.

graad — universiteitstitel; rang; 360ste deel van 'n sirkelomtrek.

hard — nie sag nie; luid.

hart — liggaamsdeel.

kruid — plant.

kruit — buskruit.

voed — kos gee.

voet — liggaamsdeel.

wand — muur.

want — omdat.

stad — groot dorp waarin witmense woon.

stat — kafferdorp.

skud — skommel.

skut — skutter; kraal.

rand — kant; grens.

rant — koppie; heuwel.

raad — raadgewing; hulp.

raat — middel.

moed — dapperheid.

moet — litteken; verplig wees.

luid — baie hoorbaar.

luit — snarige instrument.

* * * * *

Die vergrotende trap van *kwaad* is *kwater*, nie kwader of kwaai nie. *Kwaaier* is die komparatief van *kwaai*.

Die superlatief van *ru*, *sku* en *slu* is *ruuste*, *skuuste* en *sluuste*, — nie ruste, skuste en sluste nie. (Vgl. ter ruste begeef; luste en lusste.)

Die bnwe. wat op *s* eindig het altyd *ss* (twee esse) in die superlatief, b.v. *los* — *losste*, *vas* — *vasste*. Wat is die onderskeid tussen *vaste* en *vasste*, *juiste* en *juisste*, *woeste* en *woesste*?

* * * * *

Sinsontleding:—

(1) Kyk eers watter soort sinsontleding gevra word, — sinsontleding in besonderhede of algemene sinsontleding.

(2) Pas op dat jy nie 'n ww. wat in die infinitief voorkom as 'n gesegde beskou nie.

(3) Moenie slegs na die soort voegwoord kyk nie. Dieselfde voegwoord kan verskillende soorte bysinne inlei, b.v. waar, as, wanneer, of, hoe, dat, wat, ens.

(4) Soek eers die hoofsinne en dan die bysinne uit.

* * * * *

Moenie nog 'n voorvoegsel *ge-* gebruik in die voltooide deelwoorde van *wwe.* wat alreeds die voorvoegsels — *be-, er-, ge-, her-, ont-, ver-* het nie. B.v. het ontmoet, begeer, genees, verlang, herhaal, erken, en nie *geontmoet*, ens. nie.

* * * * *

Let op waar die aksent val in die volgende woorde:— *distrik, minister, produk, assistent, spesiaal, advies, komitee, magistraat, kabinet, kaptein, sekretaris, inspekteur, provinsiaal, ens.* (Vgl. die uitspraak van die Engelse ekwivalente.)

* * * * *

Woordkeuse.

Ek was vervul met afkeur (i.p.v. *afkeer*) van die saak. Daar was 'n groot getal (i.p.v. *aantal*) mense teenwoordig.

Ek hou baie van klassikale (i.p.v. *klassieke*) musiek.

Die man en vrou is kerklike (i.p.v. *kerkse*) mense en woon al die dienste gereeld by.

Hy is te kortsigtig (i.p.v. *bysiente*) om die koerant op 'n afstand van 3 vt. te lees.

Dan (i.p.v. *toe*) het hy vir my gesê dat ons moes gaan slaap.

* * * * *

i en ie.

ie word gewoonlik geskrywe in:—

- (1) oop lettergrepe — *kiewiet, kieser, liederlik, piesang, kerie, mielie, piering, ens.*
- (2) geslote lettergrepe — *anoniem, masjien.*
- (3) oop eindlettergrepe — *nasie, opinie, genie.*
- (4) oop middellettergrepe van afleidinge en verboë vorme — *liriese, elektriese, plesierig, ens.*

i word gewoonlik geskryf in:—

- (1) oop middellettergrepe van vreemde en geleerde woorde van klassieke oorsprong — *familie, opinie,*

tradisie, polisie, artikel, titel, klandisie, ammunisie
krities, kritiek, petisie, fisika, fisies, roetine, suspisie,
merino, ens.

(2) geslote lettergrepe van wildvreemde woorde — fakir,
emir, fetisj, derwisj, himne, ens.

<i>Land.</i>	<i>Inwoners</i>	<i>Taal.</i>	<i>Behorende tot die land.</i>
Griekeland	Grieke	Grieks	Griekse
Spanje	Spanjaarde	Spaans	Spaanse
China	Chinees	Chinees	Chinees
Japan	Japanners of Japannese	Japannees	Japanse of Japannese
Holland (Nederland)	Hollanders (Nederlanders)	Hollands (Nederlands)	Hollandse (Nederlandse)
Indië	Indiërs	Indies	Indiese
Amerika	Amerikaners	Amerikaans	Amerikaanse
Amerika	Indiane	Indiaans	Indiaanse
Arabië	Arabiere	Arabies	Arabiese
Suid-Afrika	Afrikaners	Afrikaans en Engels	Suid-Afrikaanse
Australië	Australiërs	Engels	Australiese
Kanada	Kanadese	Frans en Engels	Kanadese
Rusland	Russe	Russies	Russiese
Italië	Italiane (Italianers)	Italiaans	Italiaanse
Noorweë	Nore	Noors	Noorse
Denemarke	Dene	Deens	Deense
Hongarye	Hongare	Hongaars	Hongaarse
Duitsland	Duitsers	Duits	Duitse
Engeland	Engelse	Engels	Engelse
Skotland	Skotte	Skots	Skotse
Ierland	Iere	Iers	Ierse
Frankryk	Franse	Frans	Franse
Turkye	Turke	Turks	Turkse
Tsjeggo-Slowakye	Tsjegge	Tsjeggies	Tsjeggiese
België	Belge	Frans en Vlaams	Belgiese
Oostenryk	Oostenrykers	Oostenryks (Duits)	Oostenrykse
Finland	Finlanders (Finne)	Fins (Finlands)	Finse of Finlandse
Persië	Perse	Persies	Persiese
Nu-Seeland	Nu-Seelanders	Engels	Nu-Seelandse
Java	Javane	Javaans en Hollands	Javaanse
Egipte	Egiptenare	Egipties	Egiptiese
Wallis	Welse (Welsmanne).	Wels	Walliese of Welse
Bulgarye	Bulgare	Bulgaars	Bulgaarse
Lapland	Laplanders	Laplands	Laplandse
Roemenië	Roemeniërs	Roemeens	Roemeense

Ken en weet.

Na *ken* kom altyd 'n direkte voorwerp.

B.v. Ek *ken* my les. Ek *ken* die man.

Na *weet* kom altyd 'n voorwerpsin of frase.

B.v. Ek *weet* wat hy sê. Ek *weet* hoe om dit te doen.

L.W.—*Ken* (het geken) is 'n oorg. ww.

Kan (kon) is 'n hulpww.

XXXIV.—AFKORTINGS.

- A/B.—Afléweringsbrief.
 a.b.—aan boord.
 A.C.V.V.—Afrikaans Christelike Vrouevereniging.
 ad fin.—ad finem (tot die end).
 ad lib.—ad libitum (na verkiesing).
 ad val.—ad valorem (volgens waarde).
 adv.—advokaat.
 advt.—advertensie.
 akk.—akkusatief.
 A.N.S.—Afrikaanse Nasionale Studentebond.
 antw.—antwoord.
 A.N.V.—Algemeen Nederlands Verbond.
 Apr.—April.
 art.—artikel.
 a.s.—aanstaande.
 A.S.B.—Afrikaanse Studentebond.
 asb.—asseblief.
 A.T.V.—Afrikaanse Taalvereniging.
 Aug.—Augustus.
 B.A.—Baccalaureus Artium (eerste graad in lettere).
 B.Comm.—Baccalaureus Commercii (eerste graad in handel).
 B.D.—Baccalaureus Divinitatis (eerste graad in godgeleerdheid).
 bet.—betekenis.
 btd.—betaald.
 bl.—bladsy.
 bnw.—byvoeglike naamwoord.
 b.o.—blaaï om.
 B.O.A.—Brits-Oos-Afrika.
 Bpk.—Beperk.
 Br. in X.—broeder in Christus.
 bro.—bruto.
 B.Sc.—Baccalaureus Scientiae (eerste graad in natuurwetenskap).
 b.v.—byvoorbeeld.
 bw.—bywoord.
 C.—Celsius.
 ca.—circa (ongeveer).
 cf.—confer (vergelyk).
 C.J.V.—Christelike Jongeliedevereniging.
 c.l.—citato loco (ter aangehaalde plaas).
 C.N.O.—Christelik Nasionale Onderwys.
 c.s.—cum suis (met die syne).
 C.S.V.—Christelike Studentevereniging.
 dat.—datief; datum.
 d.a.v.—daaraan volgende.
 d.d.—de dato (gedateerd).
 D.D.—Doctor Divinitatis (dokter in die godgeleerdheid).
 deelw.—deelwoord.

- def.—definisie.
 dept.—departement.
 dgl.—dergelike.
 Di.—Domini (dominees).
 d.i.—dit is.
 dies.—dieselfde.
 disk.—diskonto (afslag).
 D.Litt.—Doctor Litterarum (dokter in die lettere).
 dm.—duim; decimeter.
 do.—dito (dieselfde).
 D.O.A.—Duits-Oos-Afrika.
 D.Phil.—Doctor Philosophiae (dokter in die filosofie).
 D.P.W.—Departement van Publieke Werke.
 dr.—dokter.
 Dr.—dokter.
 Dr. Med.—Doctor Medicinae (dokter in die medisyne).
 Dr. Theol.—Doctor Theologiae (dokter in die godgeleerdheid).
 Ds.—dominus (dominee).
 D.Sc.—Doctor Scientiae (dokter in die natuurwetenskappe).
 Dt.—Debet (is verskuldig).
 D.V.—Deo Volente (as God wil).
 d.w.—dienswillig.
 d.w.s.—dit wil sê.
 e.a.—en ander.
 e.d.—en dergelike.
 Ed.—Edele.
 e.d.m.—en dergelike meer.
 Eerw.—Eerwaarde.
 e.g.—eersgenoemde.
 e.k.—eerskomende.
 eks.—eksemplaar.
 Eks.—Eksellensie.
 ens.—ensovoort.
 e.v.—eersvolgende.
 ex off.—ex officio (amptshalwe).
 F.A.K.—Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.
 fig.—figuurlik; figuur.
 fol.—folio.
 geb.—gebore.
 Gebr.—Gebroeders.
 gen.—genitief.
 Gen.—Generaal.
 gesk.—geskiedenis.
 get.—geteken.
 G.G.—Goewerneur-Generaal.
 g.g.d.—grootste gemene deler.
 goewt.—goewerment.
 G.U.K.—Grey-Universiteitskollege.
 H.d.L.—heil die leser.
 H.Ed.—Hoogedele.
 hh.—here; menere.
 h.l.—hoc loco (op hierdie plek).
 H.O.D.—Hoër Onderwysdiploma.
 H.S.—Heilige Skrif.
 h/v.—hoek van.
 ibid.—ibidem (dieselfde).

i.c.—in casu (in hierdie geval).

id.—idem (dieselfde).

i.e.—id est (dit is).

inf.—infinitief.

ins.—insonderheid.

int.—interes.

i.p.v.—in plaas van.

i.s.—in sake.

I.S.M.D.—In Sy Majesteit se Diens.

Jan.—Januarie.

jl.—jongslede.

Jnr. (Jr.)—Junior
(Jongere).

jr.—jaar.

jrt.—jaart.

Kapt.—Kaptein.

kar.—karaat.

K.G.V.—Kleinste Gemene
Veelvoud.

Kie.—Kompanie.

k.m.b.—kontant met bestel-
ling.

Ko.—Kompanjie.

k.o.a.—kontant op aflewe-
ring.

Kol.—Kolonel.

K.P.—Kaap Provinsie.

k.s.b.—kombuis, spens, bad-
kamer.

kub.—kubiek.

lb.—pond.

l.c.—loco citato (op die
aangehaalde plek).

lg.—laasgenoemde.

Litt.D.—Litterarum Doc-
tor.

ll.—laaslede.

LL.B.—Legum Baccalau-
reus.

LL.D.—Legum Doctor.

LL.M.—Legum Magister.

log.—logaritme.

L.P.B.—Lid van die Pro-
vinsiale Raad.

L.S.—Lectori Salutem
(heil die leser).

Luit.—Luitenant.

L.U.K.—Lid van die Uit-
voerende Komitee.

L.V.—Lid van die Volks-
raad.

L.W.—Let wel.

L.W.V.—Lid van die Wet-
gewende Vergadering.

M.A.—Magister Artium
(Meester in die lettere).

mag.—magistraat.

Maj.—Majoor.

manl.—manlik.

m.a.w.—met ander woorde.

M.B.—Medicinae Bacca-
laureus.

M.Comm.—Magister Com-
mercii (meester in die
handel).

Mej.—mejuffrou.

Mev(r).—mevrouw.

m.i.—myns insiens.

Mnr.—meneer.

Mnre.—menere.

m.p.g.—myl per gelling.

m.p.u.—myl per uur.

Mrt.—Maart.

M.Sc.—Magister Scientiae
(meester in die natuur-
wetenskappe).

- MS.—manuskrip.
 My.—maatskappy.
 n.a.v.—na aanleiding van.
 N.B.—Nota Bene (let wel).
 n.C.—na Christus.
 net.—netto (sonder korting).
 N.G.K.—Nederduits-Gereformeerde Kerk.
 nl.—naamlik.
 n.m.—namiddag.
 No.—nommer.
 Nov.—November.
 N.P.—Nasionale Party.
 N.S.—Naskrif.
 N.T.—Nuwe Testament.
 N.U.K.—Nataalse Universiteitskollege.
 N.U.S.A.S.—Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente.
 o.a.—onder ander.
 ob.—obiit (oorlede).
 oef.—oefening.
 o.i.—onses insiens.
 Okt.—Oktober.
 ong.—ongeveer.
 o.m.—onder meer.
 ontv.—ontvang.
 oorg.—oorganklik.
 oorl.—oorlede.
 opm.—opmerking.
 os.—onderstaande.
 O.T.—Ou Testament.
 O.V.S.—Oranje-Vrystaat.
 p.—pagina (bladsy).
 p.—per (vir).
 p.a.—per adres.
 p.a.—per annum (per jaar).
 par.—paragraaf.
 P.D.—Pro Deo (verniet, gratis).
 Ph.D.—Philosophiae Doctor.
 p.j.—per jaar.
 p.k.—perdekrag.
 P.K.—Poskantoor.
 P.M.G.—Posmeester-Generaal.
 P.O.—Posorder.
 pp.—paginas (bladsye).
 p.p.—per procurationem (by prokurasie).
 pres.—president.
 prof.—professor.
 prok.—prokureur.
 pro. tem.—pro tempore (tydelik).
 prov.—provinsie, provinsiaal.
 p.s.—post scriptum (naskrif).
 Ps.—Psalm.
 pub.—publiek.
 P.U.K.—Potchefstroomse Universiteitskollege.
 q.e.—quod est (wat beteken).
 Q.E.D.—quod erat demonstrandum (wat bewys moes word).
 red.—redakteur.
 reg.—regering.
 rek.—rekening.
 resp.—respektieflik.
 R.I.V.—Rus in Vrede.
 R.K.—Rooms-Katoliek.

R.S.V.P.—Réponse s'il vous plaît (antwoord as seblief).

R.V.K.—Rugby-voetbal-klub.

S.A.—Suid-Afrika.

S.B.—suidbreedte.

S.A.O.U.—Suid-Afrikaanse Onderwysersunie.

S.A.P.—Suid-Afrikaanse Polisie; Suid-Afrikaanse Party.

S.A.S. (& H.)—Suid-Afrikaanse Spoorweë (en Hawens).

Sc.—scilicet (naamlik).

S.E.—Sy Eksellensie.

S.Ed.—Sy Edelheid; Sy Edele.

sek.—sekretaris.

Sen.—senator of senaat.

Sept.—September.

seq. of sq.—sequens (volgende).

s.g.—soortlike gewig.

s.i.—syns insiens.

S.K.H.—Sy Koninklike Hoogheid.

S.L.—suo loco (op sy plek).

S.M.—Sy Majesteit.

snw.—selfstandige naamwoord.

S.O.S.—save our souls (red ons siele).

s.o.s.—sien ommesye.

spr.—spreker.

sr.—senior (die oue).

S.R.—Studenteraad.

S.S.—stoomskip.

St.—standerd.

stg.—sterling.

str.—straat.

sup.—supra (bo; voor).

S.V.R.—Studente-Verteenwoordigende Raad.

S.W.A.—Suid-Wes-Afrika.

t.a.n.—tot algemene nut.

t.a.p.—ter aangehaalde plaas.

t.a.v.—ten aansien van.

tes.—tesourier.

t.l.—ten laaste.

t.o.v.—ten opsigte van.

t.t.—totus tuus (geheel die uwe).

tussenw.—tussenwerpsel.

t.v.—te vore.

Tvl.—Transvaal.

t.w.—te wete.

U dw. dnr.—U dienswillige dienaar.

U Ed.—U Edele.

ult.—ultimo (laaste).

U.K.—Uitvoerende Komitee; Universiteit Kaapstad.

U.P.—Unie-Parlement; Universiteit van Pretoria.

U.S.—Universiteit van Stellenbosch.

U.W.—Universiteit van Witwatersrand.

V.C.—voor Christus.

v.d.—van die.

V.D.M.—Verbi Divini Minister (leraar van die goddelike woord).

ver.—vereniging.

verg.—vergadering.

verl.—verlede.
 vgl.—vergelyk.
 v/h.—voorheen.
 Vk.—Veldkornet.
 vk.—vierkant.
 vlg.—volgende.
 v.m.—voormiddag.
 vnw.—voornaamwoord.
 voegw.—voegwoord.
 vol.—volume.
 voors.—voorzetsel; voor-
 sitter.
 v.o.s.—vry op spoor.
 V.R.—Vrederegter.
 vroul. of v.—vroulik.

vs.—versus (teen);
 vers(ie).
 V.S.A.—Verenigde State
 van Amerika.
 vt.—voet.
 v.v.—en volgende.
 waarn. of Wd.—waar-
 nemend.
 wed.—weduwee.
 Weled.—Weledele.
 w.g.—was geteken.
 W.L.—Westerlengte.
 w.o.—waaronder.
 W.P.—Westelike
 Provinsie.
 ww.—werkwoord.

XXXV.—TEGNIËSE TERME.

Absolute bnw. is 'n bnw. wat in 'n absolute sin gebruik word en 'n baie hoë graad van hoedanigheid uitdruk.

B.v. *Uiterste* bes. Op sy *hoogste*.

Aferesis of prokopee is die weglating van letters voor 'n woord.

B.v. *Snags* (des nags), *spens* (dispens), *bus* (omnibus).

Aforisme is 'n kort, pittige spreuk.

B.v. Rus roes.

Akatalektiese versreël bestaan uit net genoeg versvoete.

B.v. In die één|sămě vėld|.=(Tweevoetige anapes).

Bó in die | blóuě lŭg | fíkkěr die | stėrrėtjiěs|. = (Viervoetige daktil).

Aleksandryn is 'n sesvoetige jambiese versreël met 'n ruspunt (sesuur) in die middel. B.v.

Joŭ krág | běté|kěn níks||: 'n pėrd | hět méer | ăs jy, |
Määr jy' | kăn dít |gěbrúik || óm hóm | tě tém | ěn ry.
(Langenhoven.)

Alfabet is die abc — al die letters wat in 'n taal gebruik word. (Kyk bl. 8.)

Allegorie is 'n uitgewerkte verbinding van metafore en personifikasies om iemand 'n sedeles te gee. B.v.

„Pilgrim's Progress” van John Bunyan.

„Die Hoop van Suid-Afrika” van Langenhoven.

„Jan, Jannetje en hun jongste kind” van Potgieter.

„Vergewe en Vergeet” van Totius.

Alliterasie of stafrym is die herhaling van dieselfde letter in dieselfde versreël of sin. B.v.

En stille al stuiwend en stampend

kom stadig die wa agterna. (Celliers.)

As saans die son stilswygend sterf. (Keet.)

Wie weet waar Willem Wessels woon?

Amfibrag is 'n drielettergrepige versvoet met die klemtoon op die middelste lettergreep. B.v.

Vir my' sing | maar liéwërs | vān blómmě.

(Leipoldt.)

Anachronisme is die fout wat skrywers begaan deur geskiedkundige gebeurtenisse nie in hulle chronologiese volgorde te plaas nie.

B.v. Paul Kruger het met 'n lugskip na Suid-Afrika teruggekeer.

Analogie is die mag van die voorbeeld, m.a.w. dit is 'n taalverskynsel waarin nuwe uitdrukkinge en woorde geskep word na die voorbeeld van reeds bestaande uitdrukkinge en woorde.

B.v. Die vrou *se* hoed — op analogie van — Die man *se* hoed.

Marke en varke — op analogie van — harke.

Anapes is 'n drielettergrepige versvoet met die klemtoon op die laaste lettergreep. B.v.

„Ēn in één|sāmě nág

Staān die stér|rě sě wág.”

Anglisisme is 'n uitdrukking of woord wat na die Engelse idioom gevorm is. B.v.

Wat is die tyd?

(What is the time?)

Hy lyk dit.

He likes it.

} vir Hoe laat is dit?

} vir Hy hou daarvan.

Antesedent is die snw. of vnw. in die hoofsin wat die betreklike vnw. in die bysin voorafgaan.

B.v. Die *man* wat sy eie land verraaï, is 'n skurk.

Dit is *hy* wat so gesê het. Hy is die *kêrel* van wie ek jou vertel het. (Vgl. bl. 38 No. 6.)

Anti-klimaks (bat(h)os) is 'n stylfiguur waarin 'n skielike en belaglike neerdaling van die verhewene tot die alledaagse plaasvind.

B.v. Hy het alles verloor — sy land, sy vrou en kinders en sy hond.

Antitese (teëstelling) is 'n stylfiguur waarin woorde en idees gekontrasteer word. B.v.

Dit is menslik om te dwaal, en goddelik om te vergewe.

In die songloed van ons somer, in ons winterdag se
kou,

In die lente van ons liefde, in die lanfer van ons rou.
(Langenhoven.)

Antoniem is die teengestelde van 'n woord.

B.v. Mooi — lelik; koud — warm.

Antonomasia (naamsverwisseling) is 'n stylfiguur waarin 'n soortnaam vir 'n eienaam of andersom, genoem word. B.v.

„Die Napoleon van Suid-Afrika” vir Tjaka.

„Die Afrikaanse Kolossus” vir Paul Kruger.

Sy is 'n „regte Xanthippe” vir 'n kwaai vrou.

Apokopee (agterafkapping) is 'n taalverskynsel waarin die laaste letter wegval. B.v. gas (vir gast); wou (vir woude); krip (vir kribbe). (Vgl. Aferesis.)

Apostroof is 'n stylfiguur waarin iemand of iets wat afwesig is aangespreek word asof dit teenwoordig is. B.v.—„*Europa*, roem gerus op al jou prag.”

OPMERKING.—'n Apostroof (weglatingsteken), is ook 'n skryfteken en word gebruik wanneer 'n deel van 'n woord weggelaat is, of in die meervoudsvorming van sommige snwe. B.v. 'n (*een*); s'n (*syn*); pa's karba's. (Vgl. bl. 10 No. 4.)

Archaïsme is 'n verouderde of ou woord wat al heeltemal uitgesterf of in onbruik geraak het, en miskien nog deur party ou mense van die vorige geslag gebruik word.

B.v. Gekog (vir gekoop); tonteldoos, voorlaaiier.

Assimilasie is 'n taalverskynsel waarin klinkers of medeklinkers wat naas mekaar voorkom aan mekaar gelyk word.

Daar is twee soorte assimilasie:—

- (1) **Progressiewe assimilasie** waarby gelykmakende invloed op die volgende klank uitgeoefen word. B.v. *Vullis* (vir *vuilnis*); *anner* (vir *ander*); *vollende* (vir *volgende*).

- (2) **Regressiewe assimilasie** waarby gelykmakende invloed op die voorafgaande klank uitgeoefen word. B.v. *Ammal* (vir *almal*); *klimmeid* of *klemmet* (vir *kleinmeid*); *stysel* (vir *styfsel*).

Assonans (halfrym) is die gelykheid of rym van die klinkers in woorde. B.v.

„Plek op plek, soos die wolke trek
Sweef die skaduwees onder mee.”
So dood soos ’n mossie.

Ballade is ’n kort epies-liriese gedig (wat oorspronklik by danse gesing was).

B.v. „*Mabalel*” van E. Marais.

Barbarisme is ’n geleende woord of uitdrukking uit ander tale. B.v. *Hy gee my ’n kyk* (Anglisisme). *Sorg dra* (Latinisme). *Bioskoop* (Graesisme).

Beeldspraak is die figuurlike taal waarvan ’n skrywer, digter of spreker gebruik maak deur af te wyk van die gewone manier van uitdrukking en sy gedagtes deur ’n beeld voorstel.

B.v. *Hy loop soos ’n vetgesmeerde blits*. *Die voet of kam van ’n berg*. *Die horings van die maan*. *Die onderwyser hamer altyd op dieselfde aambeeld*. *Die meisie het ’n skerp tong*, ens.

Bepaling. Kyk bl. 50.

Beginrym is die soort rym waar die rymklanke aan die begin van die versreëls staan.

B.v. „*Viooltjies* in die voorhuis,
Viooltjies blou en rooi.”

Betekenis-beperking beteken dat ’n woord se betekenis in die loop van tyd kleiner en beperkter geword het. B.v. Die woord *bees* is in Ndl. en Engels sinoniem met die woord „dier”, dog in Afrikaans word dit net gebruik vir rundvee.

Betekenis-differensiasie beteken dat dieselfde woord verskillende vorme en betekenisse kan hê.

B.v. *Gaste* en *gasse*; *gebroke* en *gebreekte*; *boel* en *boedel*.

Betekenis-oordrag beteken dat 'n woord sy oorspronklike betekenis verloor het, maar gebruik word vir 'n voorwerp wat nou verwant is aan die oorspronklike voorwerp. Die betekenis van 'n woord word op 'n ander voorwerp oorgedra of verskuif.

B.v. Die woord *dam* beteken in Ndl. die wal om die water, dog in Afrikaans die water self.

Betekenis-verruiming beteken dat 'n woord nou meer betekenisse het as wat dit vroeër gehad het. Dit is die teenoorgestelde van betekenis-beperking.

B.v. Die woorde *tante*, *oom*, *neef* en *niggie* dien in Ndl. slegs om familieverwantskap uit te druk, dog word in Afrikaans ook nog gebruik vir mense wat nie verwant is nie.

Betekenisleer (Semantiek) is die wetenskap wat die verduideliking van die ontwikkeling en die verandering van die betekenisse van woorde beoog.

Blank verse is rymlose verse.

B.v. Op Knysna-Strand (Fagan).

Dood van die Ossewa (Van Bruggen).

Blyspel (komedie) is 'n drama met 'n gelukkige einde. Bysin. Kyk bl. 51.

Bystelling (apposisie) is 'n naamwoord of frase wat 'n voorafgaande snw. verduidelik. Dit het altyd dieselfde naamval as die voorafgaande snw. en doen dieselfde funksie as 'n bnw.

B.v. Paul Kruger, *die President van Transvaal*.

Alexander *die Grote*. Jan, *my neef*.

Johannes *die Doper*.

Byvoeglike naamwoord beskryf die kenmerke of eienskappe van 'n snw.

B.v. Die *groot* man slaan die *klein* kêreltjie.

Simson was *sterk*. Klaas word *oud*.

Bywoord bepaal 'n ww., 'n bnw. of ander bywoord, en druk uit hoe, waar en wanneer iets geskied.

B.v. Hy loop *vinnig*. Hy is *baie* lelik. Hy skreeu *vreeslik hard*. Sy staan *daar*. Piet het *gister* gekom. (Kyk verder bl. 43.)

Daktiel (daktilus) is 'n drielettergrepige versvoet met die klemtoon op die eerste lettergreep. B.v.

„Bó in die | blouē lūg | f'likkēr diē | stérrētjiēs|.”

Deelteken is 'n skryfteken wat gebruik word oor 'n klinker om lettergreep-verdeling aan te toon.

B.v. Gereël = drie lettergrepe. Vgl. Gereeld = twee lettergrepe.

Reën = twee lettergrepe. Vgl. Reent = een lettergreep. (Kyk verder bl. 10.)

Dialek (streekspraak) is 'n gewysigde vorm van 'n taal wat eie is aan 'n distrik of provinsie en van die standaard-taal afwyk.

B.v. Daar lê en kom hy aan. Vaar, Moer het gesê
Vaar moet kom eet. Die meerkaaie grou gaaie
in die paaie. Ek het gister vir swaer Koos in
Calvinia gehad. Dit het mooi gereent gehad.

Digterlike vryheid is die reg wat 'n digter hom toeëien om van die gewone reëls van die grammatika, spelling of versmaat af te wyk.

B.v. Die weglating van die dubbele ontkenning;
arrem i.p.v. *arm*; *sig* as wederkerende vnw., ens.

Direkte rede is 'n konstruksie waarby die eintlike woorde van 'n spreker sonder enige verandering herhaal of aangehaal word.

B.v. Oorlede Oupa het altyd gesê: „Stadig oor die klippe.” „So ja,” sê oom Koos, „nou kan ons maar laat vat.”

L.W.—Waar die spreker se eie woorde weergegee word word altyd aanhalingstekens gebruik.

Doeblette is tweelingwoorde of dubbelvorme wat oorspronklik uit dieselfde grondvorm ontstaan het en verskil in betekenis.

B.v. Teenwoordig — teenswoordig; tafel — tabel;
bros — broos; amp — ambag; daarom — darem.

Drama is 'n handeling of voorstelling wat weergegee word deur gebare, mimiek en dialoog op 'n verhoog.

Dubbele infinitief kom voor na die hulpww. „het”.

B.v. Ons het hom *sien kom*. Ek het haar *hoor sing*.

Dubbele ontkenning (negatief) is 'n konstruksie waarin die ontkenkende woord versterk word deur die toevoeging van 'n *nie* aan die end.

B.v. *Geen* mens weet dit *nie*. Ek kan *nie* sê *nie*.
Jan het *niks* gesê *nie*. (Kyk verder bl. 60.)

Eksklamasie (retoriese uitroep) is 'n stylfiguur waarin 'n digter of spreker sy betoog onderbreek met 'n uitroep om uiting te gee aan sy gevoelens of om sy bewering te versterk.

B.v. „O, die oggendstond op 'n boereplaas!”

Elegie is 'n treurdig waarin 'n digter die dood van 'n oorlede vriend beween.

B.v. „Japie.” — Leipoldt.

„Laetitia.” — Visser.

Elisie is 'n verskynsel waarin 'n toonlose klinker aan die end of uit die middel van 'n woord voor 'n ander woord wat met 'n klinker begin, weggelaat word.

B.v. Aartappel (vir aardeappel).

„Dis net of daar met Roelofs koms
'n Windjie is ingewaai.”

Ellips is 'n stylfiguur waarin iets verswyg of uitgelaat word om daardeur meer effek te behaal.

B.v. Die kolonel knik: en toe

Nee neef, laat staan!

Wat vat jy weer my hand? (Leipoldt.)

Eufemisme is 'n stylfiguur waarin 'n sagter uitdrukking of woord vir die regte woord gebruik word.

B.v. Hy is tot sy vaders vergader; hy het die weg van alle vlees gegaan; hy het die tydelike met die ewige verwissel; die tol van die natuur betaal, ens., vir *hy het gesterf*.

Enkelvoud is die getalvorm wat net één persoon of ding aandui.

B.v. *Meisie*, *boom*, *tafel*, ens. (Kyk verder bl. 16.)

Enkelvoudige onderwerp is die onderwerp van 'n sin wat uit net één naamwoord bestaan.

B.v. Die *meisies* sing. Die *skape* blêr. Die *perd* skop. *Hy* lees. (Kyk verder bl. 49.)

Epentesis is die invoeging van 'n letter in die middel van 'n woord.

B.v. Moedeloos, leidsman, nader, geleentheid, moontlik, yster.

Epiese poësie is objektiewe poësie waar 'n digter net wil verhaal en meedeel wat gebeur het.

B.v. „Die Pad van Suid-Afrika” — Langenhoven.
„Mabalel” — E. Marais.

Epigram is 'n kort, kernagtige gesegde wat gewoonlik 'n oënskynlike teenspraak bevat.

B.v. Op die vergadering het hy geskitter deur sy afwesigheid. Die kind is vader van die man. Ek is nooit minder alleen nie as wanneer ek alleen is. As jy niks te sê het nie, sê dit dan. Hy het baie gepraat en min gesê.

Epos (heldedig) is 'n lang epiese gedig wat 'n belangwekkende of grootse gebeurtenis uit die geskiedenis van 'n volk tot in besonderhede in 'n verhewe taal behandel.

B.v. „Die Pad van Suid-Afrika” — Langenhoven.
„Paradise Lost” — Milton.

Etiese datief is die belanghebbende voorwerp wat in die volgende uitdrukkinge voorkom:— Ek is *my* verwonder, verbaas, ens.

Etimologie is die wetenskap in verband met die geskiedenis en oorsprong van woorde.

Fabel is 'n allegoriese verhaal uit die dierelewe met 'n sedelike strekking.

B.v. Die fabels van Esopus.

Fonetiek (klankleer) is die wetenskap van die ontstaan en vorming van spraakklanke by 'n normaalspreekende.

Fonetiese spelling is 'n spelling volgens die klank en uitspraak van woorde.

Frase is 'n sinsnede, d.i., 'n uitdrukking van enkele woorde sonder gesegde.

B.v. *Daar aangekom*, het hy dadelik gaan slaap.

Gallisisme is 'n uitdrukking of woord wat na die Franse taaleie gevorm is.

B.v. Gevaar loop (*courir risque*).

skoondogter (*belle-fille*).

Geestigheid is 'n grappige en epigrammatiese gesegde met vindingryke woordspeling.

B.v. Ja, arbeid adel. Wie verklaar

Die bitt're ironie?

Ons almal spartel hot en haar —

Net adel arbeid nie. (Visser.)

Gelykenis is 'n allegoriese (denkbeeldige) verhaal uit die menslike lewe met 'n sedelike strekking.

B.v. Mattheüs 25 — 1-30. Markus. 4 — 1-34.

Lukas. 15 — 11-32.

Germanisme is 'n uitdrukking of woord wat na die Duitse taaleie gevorm is.

B.v. Dan en wan; hot en haar; daarstel.

Gesegde is die deel van 'n sin wat 'n handeling aandui. Dit sê wat die onderwerp doen.

B.v. *Honde blaf. Die haan kraai. Die man lyk oud.* (Kyk verder bl. 49.)

Geykte terme (taalfossiele) is ou woorde en uitdrukkinge wat buiten die reëls van die grammatika val, maar nog in die taal voortlewe.

B.v. Sweet des aanskyns; te wete; te kenne; te danke; myns insiens; brood der smarte, ens.

Glydende rym bestaan uit drie lettergrepe waarvan die eerste betoon en die laaste onbetoon is.

B.v. „Lamtietie, damtietie, doedoe my *liefstetjie*,
Moederhartrowertjie, dierbaarste *diefstetjie*.”

(Langenhoven.)

Graesisme is 'n woord wat aan Grieks ontleen is.

B.v. Telegrafie; biografie, ens.

Grammatika (spraakkuns) is die kuns wat ons leer om 'n taal reg te skryf en te praat.

Grammatiese figure is die vorme of klankveranderinge wat sekere woorde deur verkeerde opvatting van die betekenis of deur willekeurige verwarring met 'n ander woord ondergaan het.

B.v. Epentesis, prothesis, paragoge, prokopee, apokopee, sinkopee, metatesis.

Hebraïsme is 'n woord of uitdrukking wat na die Hebreeuse taaleie gevorm is.

B.v. Die inwendige mens versterk; die enigste oolam.

Heksameter is 'n sesvoetige daktiel, waarvan die laaste altyd 'n lettergreep te min het.

Hendiadys is 'n konstruksie waarby één voorstelling deur twee verbind deur *en* uitgedruk word.

B.v. Hul loop en raas. Hy staan en sing.

Hiperbool (oordrywing) is 'n stylfiguur waarin sake vergroot word om hul indrukwekkender te maak.

B.v. Die hemelhoë golwe. Ek het jou al honderdmaal gesê.

Hiperkatalektiese vers is 'n versreël met een oorbodige lettergreep. B.v.

Jy sá|nik só | jōu deún|tjiēs.

Hollandisme (Nederlandisme) is 'n uitdrukking of woord wat na die Nederlandse taaleie gevorm is.

B.v. Dit benieu my.

Homeriese vergelyking is 'n vergelyking wat tot in die fynste besonderhede uitgewerk is.

B.v. Woedewerking van die weer
het jou voorhoof wreed deurploeg,
oor jou wange op en neer
groot diep plooië ingevoeg.

Yl is al jou gryse haar
deur die stormwind uitgeruk

Weggevreet is tand na tand

leë holtes wys nou aan

waar jou malers was geplant,

hoe die rye het gestaan.

(D. F. Malherbe.)

Homonieme is gelykluidende woorde wat in betekenis (soms ook in spelling) van mekaar verskil.

- B.v. *Leer* — 1. Leerstelling. — Snw.
 2. Gelooide vel van diere — Snw.
 3. Onderwys of afrig. — Ww.
 4. Stelsel — Snw.
 5. Werktuig om mee te klim. — Snw.
 6. Kennis omtrent iets in die geheue opneem. — Ww.

Fyt — pynlike sweer.

Feit — werklikheid.

Hoofsin. Kyk bl. 51.

Humor is 'n glimlag met 'n traan, of luimigheid met erns as grondtoon.

- B.v. 'n Skot en 'n Ier was eendag tot die dood veroordeel. Hul sou gehang word van 'n brug oor 'n diep rivier.

Die Skot was eerste aan die beurt, maar die tou breek en hy moes net lelik spartel om die wal te bereik.

Toe die Ier dit sien sê hy ewe angstig aan die wat die vonnis moes voltrek:— „Sorg tog asseblief dat die tou sterk is, want ek kan nie swem nie.”

Idioom (taaleie) is die eienaardige wyse van uitdrukking waardeur een taal hom van 'n ander onderskei.

- B.v. Hoe laat is dit? Dit kom nie daarop aan nie.
 Elke man soen sy vrou op sy eie manier.

Idille is 'n digterlike skildering van die liefdesgeskiedenis waarin natuurlike en eenvoudige karakters van die platteland optree.

- B.v. „Martjie” van Celliers.

Indirekte rede is 'n konstruksie waarby die woorde nie gegee word soos die spreker dit gesê het nie, maar soos 'n derde persoon dit oorvertel.

- B.v. Hy vra toe wat Jan wou hê. Hy sê dat hy sy boek soek, wat hy daar laat lê het. Hy vra of ek my werk gedoen het.

Interrogasie (retoriese vraag) is 'n retoriese figuur waarin 'n spreker 'n bewering in 'n vraende vorm stel om meer indruk te wek en nie met die doel om 'n antwoord uit te lok nie.

B.v. Die spreker vra die gehoor: „Is dit nodig dat ek die holheid van sy argumente moet aantoon?”
„'n Ieder nasie het sy taal

Wat gaan die ander tale ons aan?”

Innuendo (insinuasie of sinspeling) is 'n stylfiguur waarin 'n skrywer of spreker sy bedoeling meer by wyse van implikasie verduidelik as deur 'n padlangse bewering.

B.v. Dit is baie interessant om die koerante te lees nadat die Parlement verdaag het.

Curran, die Ierse advokaat, het eendag saam met 'n regter by 'n galg verby gery.

Regter: „Ek wonder waar jy sou gewees het, as die galg gekry het wat hom regtig toekom?”

Curran: „Ek sou alleen gery het, Edelagbare.”

Intrige is die saamstelling of verwikkeling van 'n verhaal of drama.

Inversie (omsetting) is 'n verandering in die gewone woordskikking.

B.v. Op jou roep sê ons nooit nee nie, sê ons altyd, altyd ja. (Langenhoven.)

Ironie (spotspraak) is 'n stylfiguur waarin 'n spreker of skrywer net die teenoorgestelde sê wat hy bedoel, met die doel om te spot.

B.v. Die beste toulleier sit op die voorbok.

Jy is 'n lekker kêrel!

1 Konings 18: 27.

Jambe is 'n tweelettergrepige versvoet waarvan die eerste onbetoon en die tweede betoon is.

B.v. Dít is | die máand | Októ|bër. (Lelpoldt.)

Kantate is 'n lirie-epiese gedig of musiekkomposisie met kore en arias.

B.v. „Unie-Kantate” — Celliers.

Katalektiese vers is 'n versreël met één ontbrekende onbetoonde lettergreep.

B.v. O'p ðns | póotjiës | lê ðns | kóp — |. (Celliers.)

Klankleer — Kyk **Fonetiek**.

Klanknabootsing (onomatopee) is 'n stylfiguur waarin die klank van die woord met die geluid wat dit beskryf ooreenkom.

B.v. „*Klappe-trappe* gaan die pote

van my perde in die pad.” (Langenhoven.)

Die *gezoem* van bye; die geskreeu van *Piet-my-vrou*; die *gekwaak* van die paddas. *Klap-klap-pertjie*.

Klimaks is 'n stylfiguur waarin die hoogtepunt van 'n klimmende reeks voorstellinge aangetoon word.

B.v. 1 Samuel 4:17.

Klinker (vokaal) is stem wat aan 'n woord sy klank gee en gewysig word deur die lugkanaal bokant die strottehoof. (Kyk verder bl. 8.)

Klugspel is 'n toneelspel met 'n kort, eenvoudige en geestige intrige.

Kontaminasie is 'n taalverskynsel waarby twee woorde of uitdrukkinge wat sinoniem met of verwant aan mekaar is, mekaar beïnvloed of verwar word.

B.v. *Onderskil* (verskil en onderskeid).

Veramuseer (amuseer en vermaak).

Koppelteken is die verbindingstrepie tussen twee woorde wat 'n saamgestelde woord vorm. (Kyk verder bl. 10.)

Latinisme is 'n woord of uitdrukking wat na die Latynse taaleie gevorm is.

B.v. *Sorg dra* (curam gerere). Voornaamwoord (pronomen).

Leestekens is tekens wat in geskrewe stukke voorkom om die sinsverband te verduidelik. (Kyk bl. 11.)

Legende is 'n godsdienstige verhaal wat nie op historiese maar op volksoorlewering berus.

Letter is 'n skrifteken wat 'n spraakklank aandui of saam met ander 'n woord voorstel.

(Kyk verder bl. 8.)

Lettergreep (sillabe) is 'n klank bestaande uit een of meer letters wat met een stoot van die asem, sonder om die spraakorgane te verander, voortgebring word.

B.v. Let-ter-gre-pe; A-si-ë; ver-e-ni-ging.

Letterkunde (literatuur, lettere) is die kunsvoortbrengsels wat deur taal uitgebeeld word.

Lidwoord is 'n rededeel (woordjie) wat voor 'n snw. kan staan, waarvan dit feitlik 'n lid vorm.

B.v. 'n Hond byt. *Die man praat.*

(Kyk verder bl. 41.)

Lied is 'n digstuk om gesing te word.

B.v. Ek sing van die wind wat te keer gaan.

(Leipoldt.)

„**Limerick**” is 'n humoristiese versie wat uit vyf reëls bestaan met die rymskema — *a a b b a*. B.v.

Jat was die seun van ou Goljat.

Ou Goljat sê: „Jat, ek is hol, Jat.”

En Jat bring 'n bees,

En die bees was gewees,

En ou Goljat sê: „Jat, ek is vol, Jat.”

(Langenhoven.)

Liriese poësie is subjektiewe poësie waar 'n digter sy eie gevoelens en gewaarwordings ontboesem.

Litotes is 'n stylfiguur waarby iets verklein word om dit beter te laat uitkom.

B.v. Dit het die Engelse drie jaar geneem om 'n *handjievool* Boere te onderwerp.

1 Samuel 24: 15.

Manlike (staande) rym is rym waar die klemtoon op die laaste lettergreep val .

B.v. 'n Lied van frisse maagde-*skoon*.

Blou oë waarin die hemel *woon*,

Van lokke wat met songoud *gloei*,

Van wange waarop rose *bloei*.

(Visser.)

Medeklinker is 'n geruis wat deur die vernouing of afsluiting van die lugkanaal (spreekkanaal) bokant die strottehoof gevorm word. (Kyk verder bl. 8.)

Meervoud is die getalvorm wat meer as een persoon of ding aandui.

B.v. Die dertig *seuns* speel voetbal. Blaffende *honde* byt nie. (Kyk verder bl. 16.)

Metafoor is 'n beknopte vergelyking, d.i., die beeld word net genoem.

B.v. „Die haan het op sy beuel geblaas.”

Piet is die sondebok van die klas.

Jan wil altyd koning kraai.

Metatesis (letteromsetting of klankverspringing) is 'n grammatiese figuur waarin die (volg)orde van die letters verander.

B.v. Dertien (vir drietien); persent (vir present); persies (vir presies); naald (vir nadel).

Metonimia (oornoeming) is 'n stylfiguur waarby 'n saak beskryf word deur iets wat in verband daarmee staan.

B.v. Die *pen* is magtiger as die *swaard*. Hy het die *bottel* lief. Ek lees *Leipoldt*. Hy het die *kansel* verlaat vir die *raadsaal*.

Mite is 'n ou volksverhaal oor die gode en godinne.

B.v. Die mites van Wodan, Freyer, Thor.

Monoloog (alleenspraak) is 'n gedig of prosastuk vir een voordraer; of, 'n gedeelte van 'n toneelstuk waarin een persoon op die verhoog optree.

B.v. „Nog meer deskundige kritiek.”

—Langenhoven.

Naamdig is 'n gedig waarvan die eerste letters van die reëls 'n naam uitmaak.

B.v. Als ghij de sonne siet blincken inden throone,
Noch alle de velden becleet met groene nu,
Neerstelyck merct, dat de vruchten staen
schoone

Altijt looft den Heere avont en noene nu.

*Bidt Hem, want tis grootelĳc van doene nu,
Innichlĳc, dat hy wil ſijnen gheest ſinden
In alle prelaten en Princen coene nu;
Niet en twĳfelt, hoe ſeere wĳ ons bevreest vin-*
den.

Soo doende ſal lichtelĳc al dit tempeest inden.
(Anna Bijns.)

Naamval. Kyk bl. 14.

Nasalering is 'n taalverskynſel waarby die *n*-klank verdwyn en die voorafgaande klinker deur die neus uitgespreek word.

B.v. Gons [*x ɔ̃·s*], kans [*k ɑ̃·s*], mens [*m ɛ̃·s*].

Neologisme is 'n nuwe woord wat gemaak word om nuwe begrippe in 'n taal uit te druk. Dit is die antoniem van archaïsme.

B.v. Draadloos, televisie, sahara-dor, klankprent, strafskop, ens.

Novelle is 'n taamlĳke lang prosaverhaal, maar korter en minder omvattend as 'n roman.

Ode is 'n liriese gedig waarin 'n waardige onderwerp in verhewe taal besing word.

B.v. „Madonna-diens” — F. van den Heever.

„De Ode aan Napoleon” — Bilderdĳk.

„Ode on the Death of the Duke of Wellington.”
— Tennyson.

„West Wind” — Shelley.

Oksimoron is 'n stylfiguur waarby woorde met teenoorgestelde betekenis gebruik word om iets te beskryf.

B.v. Dit is *ou nuus*. Hy is *horende doof*.

Sigbare duisternis.

Oktaaf is die twee kwatryne of eerste ag reëls van 'n sonnet. (Kyk Sonnet.)

Onderwerp is die woord of woorde in 'n sin wat die handeling verrig of ondergaan.

B.v. Die *skaap* blêr. Die leergierige *seuns* lees boeke. *Om te eet* is aangenaam. *Vloek* is lelik. *Wat hy gisteraand op die vergadering gesê het* staan in die koerant. (Kyk verder bl. 49.)

Onomatopee — Kyk Klanknabootsing.

Onpersoonlike werkwoord druk nie die handeling van 'n bepaalde persoon of saak uit nie, maar word altyd in onpersoonlike uitdrukkinge of in verband met natuurwerkinge gebruik. Die onderwerp daarvan is altyd *dit*.

B.v. Dit gaan goed. Dit is warm. Dit waai, kapok, blits, donder, reent, hael, ens. (Vgl. bl. 31 No. 6.)

Onpersoonlike vnw. (Kyk No. 9, bl. 39.)

Ontronding is 'n verskynsel waarby sommige klinkers en tweeklanke nie rond uitgespreek word nie.

B.v. Hys vir huis; mier vir muur; jille vir julle; deer vir deur.

Opera is dramatiese poësie waarin die musikale element oorweënd is.

B.v. „Fidelio” — Beethoven.
„Figaro's Hochzeit” — Mozart.

Ortografie is die kuns om reg te skryf en spel.
(Vgl. Spelling.)

Ortologie is die kuns om jou goed uit te druk.

Palatalisasie is 'n klankverskynsel waarin die klank gevorm word deur die voerpunt van die tong teen die harde verhemelte te plaas.

B.v. Sjeld vir geld; Sjee vir gee.

Paradoks is 'n skynbare teenstrydigheid.

B.v. Toe iemand gevra is aan watter geloof hy behoort, het hy gesê:— „Dank die Here, ek is 'n ateïs.” Hy wat sy lewe verloor sal dit vind.
(Vgl. Oksimoron en Epigram.)

Parafrase is 'n verklarende omskrywing van 'n moeilike stuk prosa of poësie.

Paragoge is die agteraanvoeging van 'n klank aan 'n woord.

B.v. Iemand (vir ieman of jeman); oond (vir „oven” = oon); reent (vir reën).

Paranomasia is 'n stylfiguur wat bestaan uit 'n speling op die verskillende betekenis van gelykluidende of dubbelsinnige woorde met 'n komiese uitwerking.

B.v. Af en toe is meer af as toe. (Langenhoven.)

Getroue liefde is die eis

Van beide man en vrou.

En tog, hoe menig troubewys

Is geen bewys van trou. (Visser.)

Parentese is 'n tussensin of 'n verduidelikende sin of frase tussen hakies.

B.v. Sop, groente en vleis, met daarna 'n soet gereg (gestoofde vrugte, pannekoek of 'n versoete meelpap) was gewoonlik op die spyskaart. Die soldaat het vir die vaderland geveg — ons almal bewonder sy moed — en nou is hy sieklik en sonder werk.

Parodie is 'n grappige nabootsing van 'n (ernstige) gedig.

B.v. „Lochinvar” van Scott.

„Het jong Lochinvar had een pyl-snellen paard,
dien best uit den West van de rydieren waart,”
ens. (Langenhoven.)

Paroniem is stamverwante woorde met verskillende betekenis, d.w.s., woorde wat van dieselfde wortel afgelei is.

B.v. Kosbaar, kostelik, kosteloos. Grondig, gegrond. Eerbaar, eersaam, eervol, eerlik, eergierig, eerloos.

Perifrase is 'n retoriese figuur waarin iets nie direk genoem word nie, maar omskryf word.

B.v. *Lawaai-water, tiermelk of kromhout-sap* vir brandewyn. *Die weg van alle vlees gaan* vir sterwe.

Personifikasie is 'n stylfiguur waarin lewenlose sake voorgestel word as persone.

B.v. As saans die son stilswygend sterf. (Keet.)
Ondervinding is die beste leermeester. Die wapens sal beslis.

Plastiek is die beeldende krag van die taal deur 'n kunstenaar gebruik om sake aanskoulik voor te stel.

B.v. „Dis stil op stoep,
die nag hang swaar in digte eike-lower,
breë stamme eenkant net verlig
waar lamplig uit die rame stroom;
en uit die ope voordeur gly oor stoep
'n baan van lig,
Ver-strekkend oor die werf se gras, tot waar
die swarte donker dit verswelg.”
(Celliers.)
„Maar hy groei in die blou tot 'n stapelbou
van marmer wat krul en leef.” (Celliers.)

Pleonasme is woorddoortolligheid.

B.v. Die wind *die* waai. 'n *Skatryk* miljoenêr. Ek
het dit *met my eie oë* gesien.

Précis (uittreksel) is 'n kort en saaklike opsomming of
weergawe van die belangrike feite in 'n stuk prosa.

Prosodie is die leer van die verskuns en die reëls van die
klemtoon.

Protesis is die voorvoeging van 'n klank voor 'n woord.

B.v. *Traak* (vir dit raak); *tagtig* (vir agtig); *herin-*
ner (vir *erinner*); *knyp* (vir *nyp*); ens.

Provinsialisme is die uitspraak of 'n uitdrukking karak-
teristiek van 'n sekere lokaliteit.

B.v. Hy sit in die *skade* van die boom wat langs
die *puts* staan. (Kaaip.) Ek het *hooggooi* daar-
mee. (Natal.)

Punktuasie is die gebruik van leestekens.
(Kyk bl. 11.)

Puntdig is 'n kort gedig waarvan die end of die laaste
reël gewoonlik grappig is of iets hekel.

B.v. Laat die ou Duiwel doodstil staan,
Kort is die lewe vaak.

Wie d' onbekende in moet gaan,
 Die moet geen vyand maak. (Visser.)
 „Wees uzelf!” zei ik tot iemand;
 Maar hij kon niet: hij was niemand.
 (de Génestet.)

Rededele is die tien woordsoorte waarin woorde volgens hul funksie in 'n sin ingedeel kan word.

Reduplikasie (verdubbeling) is die herhaling van dieselfde woord.

B.v. Gou-gou, sing-sing, klompies-klompies, in (die bos) in, uit (die huis) uit.

Refrein (koor) is die herhaling van dieselfde versreëls aan die end van elke strofe.

B.v. „Man en Vrou” — Visser.
 „'n Snaakse Vryery” — Celliers.

Repetisie is die herhaling van dieselfde woorde in poësie.

B.v. Dis heuwels, heuwels, heuwels net
 sové 'n mens se oog kan speur. (Totius.)

Retoriese vraag. — **Kyk Interrogasie.**

Ritme is die beweging wat ontstaan as gevolg van die opeenvolging van teenstelling; of, die groepering van onbetoonde en betoonde lettergrepe in 'n versreël.

Roman is 'n lang fiktiewe prosaverhaal waarin die dade en die sielelewe van persone beskryf word.

Rym is die gelykheid van klank van die laaste lettergrepe in versreëls.

B.v. Hulle het gespeel in die môreskyn — *a*
 Met die son se goud en die grond se groen; — *b*
 Hulle het gedrink van die wind se wyn, — *a*
 En die sagte dou het hul koel gesoen. — *b*.
 (Leipoldt.)

Saga is 'n prosaverhaal van die oud-Noorse helde.

B.v. „Grettir” — Dekker.

Sage is 'n volkslegende of volksvertelling wat op 'n historiese grondslag berus.

B.v. Willem Tell.

Sarkasme is 'n stylfiguur wat daarin bestaan dat iemand iets sê met die doel om te hoon of te spot.

B.v. Kom, hier's 'n bottel soetwyn; laat ons drink!

Ons het ons nasie in die see gesink;

Ons het geen land meer nie: dis klaar met kees!

Dis vrede nou: kom skreeu — of is jy hees

Van lag? (Leipoldt.)

Ek het altyd gesê jy is 'n fyn-slimme man, al is jy ook in die stadsraad. (Langenhoven.)

Satire is 'n hekelende dig- of prosawerk.

B.v. „Sonde met die Bure” — Langenhoven.

„In die Sabie” — I. D. du Plessis.

Selfstandige naamwoord is die naam van 'n selfstandigheid, d.w.s., van 'n mens, dier, plek of ding.

B.v. *Jan* is 'n man. Die *koeie* wei in die *vlei*. Die *kind* se *ouers* woon in *Vryheid*.

(Kyk verder bl. 13.)

Sekstet is die laaste ses reëls van 'n sonnet.

(Kyk verder Sonnet.)

Semantiek of semasiologie. Kyk Betekenisleer.

Sesuur is die ruspunt wat in die middel van 'n versvoet in 'n lang versreël voorkom.

B.v. Daár kôm | ôns pād | uît diē dôn|kër uît || diē pād | vān Suid-Ā|friká|. (Kyk ook Aleksandryn.)

Simile (Vergelyking) is 'n stylfiguur waarin twee sake wat ooreenkoms toon met mekaar vergelyk word.

B.v. Lang

soos 'n slang

in sy kronkelende gang

lê Toegela.

(Joubert.)

Daar op die vyeboom sit die vabond (d.i., die verkleurmanneltjie).

So sedig as 'n predikant. (Leipoldt.)

Sin is 'n volledige gedagte in woorde uitgedruk.

B.v. Ek skrywe. Ek skryf nie. Waar gaan jy heen?
Roep die kêrels! Mag jy gesond bly en lank lewe! Hoe het die helde geval!

Sinekdogee (saamvatting) is 'n stylfiguur wat die geheel deur 'n deel daarvan aandui.

B.v. Die oog van die baas maak die perd vet. Die pers het groot invloed. Sannie het haar hand vir Jannie gegee, maar haar hart vir Danie.

Sinkopee is 'n grammatiese figuur waarby 'n tussenklank uit 'n woord verdwyn.

B.v. Apteek (vir apoteek); broer (vir broeder); hovaardig (vir hoogvaardig); vadoek (vir vaatdoek).

Sinoniem is 'n woord wat ongeveer dieselfde betekenis het.

B.v. Praat, gesels, spreek, babbel.
Skitter, fonkel, glinster.

Sinsleer (sintaksis) is die leer van die sinsbou.

Sinsontleding bestaan daarin dat 'n sin uitmekaar geneem word om aan te toon watter diens elke afsonderlike deel in die sin verrig.

(Kyk verder bl. 49 en vlgg.)

Sirkumfleks (kappie) is 'n hakie (^) bo die vokale *é, ê, ô, û*. (Kyk verder bl. 10.)

Skandering is die afdeling of ontleding van verse in voete.

Skynbare (leë) onderwerp bestaan uit die onpersoonlike vnw. — *dit*.

B.v. *Dit* hael. *Dit* sneeu. (Kyk verder bl. 49.)

Sonnet (klinkdig) is 'n veertienreëlige gedig met 'n planmatige rymskema, waarvan die eerste ag reëls (oktaaf), bestaande uit twee kwatryne 'n uiteensetting, en die laaste ses reëls (sekstet) bestaande uit twee tersines, die toepassing gee.

B.v.

Uiteensetting.		Oktat.		Sonnet.
Kwatryn.	Kwatryn.	a	a	6-voetige jambe.
		b	b	
		b	a	
		a	a	
Kwatryn.	Kwatryn.	a	a	
		b	b	
		b	b	
		a	a	
Toepassing.		Sektet.		
Tersine.	Tersine.	c	c	
		d	d	
		e	e	
		c	c	
Tersine.	Tersine.	d	d	
		e	e	

Vbb. „Insulinde” — Leipoldt.

„Slaap” — D. F. Malherbe.

„Vry” — A. G. Visser.

(L.W.—Daar bestaan verskillende rymskemas vir sonnette.)

Spelling is die aanduiding (voorstelling) van gesproke klanke in letters. (Vgl. Ortografie.)

Spondee is 'n versvoet met twee betoonde lettergrepe.

B.v. *Kóm, kóm* | *kíndër|tjiés* · |.

„**Spoonerisme**” bestaan daarin dat die eerste letters of dele van woorde omgeruil word.

B.v. Meneer voordames, age meneer daamsitters en heervore. Die bouland en die teeveelt, age die veeland en die toubeelt, die sê ek is die bedding van 'n roer. Waarom dan word die arme las altyd beboer; ek meen waarom word die arme bas altyd beloer? (Langenhoven.)

Spraakorgane is die organe of liggaamsdele wat gebruik word om spraak of stem voort te bring. Hulle is:—

Die longe; die lugpyp; die strot, waarin die stembande is; die keelholte; die mondholte; die tong; die neusholte; die tande; die lippe.

Spreekwoord is 'n gesegde gekenmerk deur 'n bepaalde leerrykheid en kernagtigheid.

B.v. Ondervinding is die beste leermeester.

Wie die laaste lag, lag die lekkerste.

'n Halwe eier is beter as 'n leë dop.

Spreek is 'n gesegde met 'n sedeles.

B.v. Vroeg ryp, vroeg vrot; vroeg wys, vroeg sot.

Wie die onderste uit die kan wil hê, kry die deksel op die neus.

Stansa is 'n ag-reëlige gediggie met die rymskema —
aba bab cc.

Stapelvorme is dubbele meervoudsvorme, komparatiewe en verkleiningsuitgange.

B.v. (a) Dubbele meervoudsvorme — *skoene, kinders, hoenders, eiers.*

(b) Dubbele verkleiningsuitgange — *mandjietjie, boordjietjie.*

(c) Dubbele komparatiewe — *meerder, eerder.*

Styl is die eenaardige manier waarop 'n skrywer sy gedagtes in woorde uitdruk.

Stylfiguur (troop) is die afwyking van die gewone manier van uitdrukking met die doel om indruk te wek.

B.v. Die haan kraai — gewone manier, d.i. letterlik.

Die haan blaas op sy beuel — figuurlik.

Jan loop vinnig — letterlik.

Jan loop soos 'n vetgesmeerde blits — figuurlik.

Strofe (koeplet) is één van 'n aantal ewematige versafdelinge van 'n gedig.

Taal is die gesamentlike klankgroepe met bepaalde betekenisse waarmee 'n mens sy gedagtes uitdruk.

Taalfossiel — Kyk Geykte term.

Tautologie is die onnodige herhaling van dieselfde begrip in verskillende bewoordinge. B.v.

Hulle het hom lof toegeswaai, geprys, toegejuig en opgevysel.

Ek is bly en verheug oor die ontvangs en aankoms van die tyding en berig van die welstand en gesondheid wat jy geniet en besit.

Ek het tot die konklusie en gevolgtrekking gekom dat ek die orige res nie wil hê nie.

Telwoord druk 'n getal (hoeveelheid) of 'n ranggetal (plek in 'n reeks of groep) uit.

B.v. Die *twee* seuns slaap. Die grootste seun staan in die *derde* ry. (Kyk verder bl. 40.)

Tragedie (treurspel) is 'n toneelstuk waarvan die einde **ongelukkig** is deurdat die held deur sy eie skuld omkom.

Triolet is 'n ag- of twaalfreëlige gedig met drie (of twee) rymklanke in 'n vaste skema.

B.v. „*Misère*” — A. G. Visser.

Trogee is 'n versvoet wat bestaan uit 'n betoonde lettergreep gevolg deur 'n onbetoonde.

B.v. On's *twêe* | l'ê *öp* | baás *sê* | baád*jie* |.

Tussenwerpsel is 'n woordsoort wat 'n gevoelsuiting of klanknabootsing aandui.

B.v. Hoera! Eina! Pardoems! (Kyk verder bl. 46.)

Uittreksel — Kyk Précis.

Veelvoudige onderwerp bestaan uit meer as een onderwerp wat dieselfde gesegde het.

B.v. Die *seuns* en die *meisies* lees. Die *haan* asook die *hen* en *kuikens* staan in die hok. (Kyk bl. 49.)

Verbuiging — Kyk bl. 58.

Verlede infinitief kom voor na die voltooide verlede tyd en word gevorm deur *te* + *het* na die hulpwwe. *hoef* en *behoort*.

B.v. Hy *hoef* dit nie *te gesê* *het* nie. Hy behoort dit *te gesê* *het*. (Kyk verder bl. 34, Opm. 1.)

Versvoet is 'n deel van 'n versreël, of die kombinasie van een betoonde (arsis) met een of meer onbetoonde lettergrepe (teses).

Kyk — Trogee, jambe, amfibrag, daktiel, anapes, spondee.

Vervoeging — Kyk bl. 59.

Voegwoord is 'n woordsoort wat woorde of sinne verbind en daarby die verband aangee wat daartussen bestaan.

B.v. Jan *en* Piet werk. Jan slaap *maar* Piet werk. (Kyk verder bl. 42.)

Volksetimologie is die vervorming wat vreemdklinkende woorde ondergaan deurdat 'n volk onbegrepe woorde in verband met bekende woorde bring.

B.v. Baie sukkel (vir bicycle); Martjie Louw (vir Martial Law); vieslike jokrivier (vir physical geography).

Voornaamwoord is 'n rededeel wat in die plek van 'n snw. gebruik word.

B.v. Toe Jan na die Bosveld vertrek het, het *hy* sy geweer saamgevat, sodat *hy* hom kon verdedig teen die wildediere. (Kyk verder bl. 37.)

Voorlopige onderwerp („dit") dien voorlopig in die plek van die regte onderwerp wat later volg. B.v. Dit is lelik om kinders sommerso af te snou. (Dit = om kinders sommerso af te snou, m.a.w. Om kinders sommerso af te snou is lelik.) (Kyk ook bl. 49.)

Voorsetsel is 'n rededeel wat die betrekking tussen twee snwe. aandui.

B.v. Die BOEK lê op die TAFEL. (Kyk verder bl. 45.)

Voorvoegsel is 'n lettergreep wat voor aan stamwoorde gevoeg word om die betekenis daarvan te wysig.

OPMERKING. 'n Voorvoegsel is nie 'n rededeel nie.

B.v. Aartsvader; oerwoud; wanhoop; antwoord; behandel; verken; onthou; ens.

(Kyk verder bl. 56, No. 3.)

Voorwerp is die snw. of vnw. (selfstandigheid) wat na 'n oorganklike ww. voorkom.

B.v. Ek sien *haar*. Ek ken die *man*. Ek weet *hoe om dit te doen*. (Kyk verder bl. 50.)

Vorm (van 'n ww.) — Kyk bl. 35.

Vormleer is die deel van die taalkunde wat hom besig hou met die verbuiging (fleksie) en die vorm van woorde.

Vroulike (slepende) rym bestaan daarin dat die laaste lettergreep van die rymwoord onbetoon is.

B.v. „Verwaarlosing se ongenade
Spreek uit die stukke pale en drade.”

Werkwoord is 'n rededeel wat 'n handeling of werking noem.

B.v. Die kinders *speel*. Die onderwyser *skryf* 'n woord op die bord. (Kyk verder bl. 30.)

Wisselvorme is woorde wat verskil in spelling maar nie in betekenis nie.

B.v. Skryf en skrywe; genoeë en genoeg; Kersmis en Kersfees en Krismis.

Woord is 'n spraakklankgroep met 'n bepaalde betekenis.

Woordvorming is die vorming van woorde deur saamstelling en afleiding.

B.v. Tafelpoot, onvermydelik, luiaard, hardnekkig.
(Kyk verder bl. 55.)

Wyse — Kyk bl. 34.

